NG KERK IN OOS-KAAPLAND

BESLUITE AAN KERKRADE : TIENDE SINODALE VERGADERING VAN DIE NG KERK IN OOS-KAAPLAND

Voorsitter, broers en susters,

Die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland bring die volgende verwysingsagtergrond en besluite onder die aandag van alle kerkrade. Die besluite is geneem tydens die jongste sinodale vergadering vanaf 12 tot 15 November 2007 te Port Elizabeth. Besluite aan kerkrade volg die orde van die sakelys. Bladsy en puntnommers van hierdie verslag verwys ook na die Sakelys van die Sinode van Oos-Kaapland.

A2 SINODALE KOMMISSIE - VERSLAG ROEPINGSVERKLARING

1. GELOOFSVERBINTENIS

Die Sinode verbind homself opnuut aan die Geloofsverbintenis.

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan `n heilige kerk wat deur wet en belydenis `n ligdraer in die wêreld is.
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan `n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan `n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

Vir kennisname

2. SINODALE FUNKSIES

Vir kennisname: Tydens die Buitengewone Sinode van 2002 is vier sinodale funksies goedgekeur. Hierdie funksies verteenwoordig die instrumente of modi waardeur die geloofsverbintenis uitgevoer word:

- Visionêre leierskap
- Begeleiding
- Navorsing
- Bestuur

Vir kennisname

3. ROEPINGSVERKLARING

Die Sinode verbind homself opnuut aan die Roepingsverklaring.

Roepingsverklaring
van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Algemene Sinode : Junie 2007

Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:

(a) Om met ‘n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.

Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree, en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei.

Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.

(c) Om in deernis met ander saam te leef.

Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-Vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om ‘n

verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.

(d) Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld.

Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout vir die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.

Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk. Ons is gestuurdes.

Aan God al die eer.

Vir kennisname

A1 VERSLAG VAN DIE ORDEKOMMISSIE / ONTWERPSPAN P10

15. LIDMAATSKAP: OOS-KAAPSE RAAD VAN KERKE

15.1 Die Oos-Kaapse Raad van Kerke, gesetel in Oos-Londen, het die NG Kerk in Oos-Kaapland in 2004 genooi om by die Raad aan te sluit. Dit het gevolg op die volle lidmaatskap wat op nasionale vlak aan die NG Kerk verleen is. Die SK het besluit om die uitnodiging te aanvaar. Die Sinode is dus ‘n volle lid van die OKRVK. (Vir kennisname)
Vir kennisname

20. HOË KOSTE VAN SINODALE VERGADERINGS

20.2 Die SK het besluit om alles moontlik te doen om koste binne redelike perke te hou. Waar gemeentes nie oor die nodige fondse beskik nie, kan hulle aansoek doen om hulp. Ringsprojekte kan ook vir hierdie doel ingedien word.
Vir kennisname

25. KERKSPIEËL

25.1 Gemeentes uit die Oos-Kaap het geesdriftig deelgeneem aan Kerkspieël 2004. Dr Jan Bisschoff het die data vir die Oos-Kaap gebruik om ‘n pasklaar voorlegging vir die Oos-Kaap voor te berei.

25.2 Hierdie voorlegging is beskikbaar op www.ngkok.co.za/sinode2007.
Vir kennisname

A6: NAVORSING

5. PERSEPSIES OOR DIE NG KERK

5.1 Gedurende 2004 het die Moderamen Algemene Sinode ‘n ondersoek deur Markdata laat doen na persepsies van die NG Kerk onder die algemene publiek en belanghebbers (lidmate).

5.2 Uit die terugvoer blyk onder andere die volgende:

5.2.1 Daar heers ‘n algemene positiewe gesindheid teenoor die NG Kerk en haar predikante;

5.2.2 Die kerk se rol word veral gesien as om leiding te verskaf (19.6% en 23.5% - onderskeidelik die publiek en belanghebbers);

5.2.3 Die belangrikste bron van inligting oor die kerk in die samelewing is ons lidmate. Ons moet dus ons lidmate ingelig hou.

5.2.4 Die invloed van lidmate het afgeneem by die regering, vakbonde en welsyn. Die kerkverband moet dus op hierdie vlak verseker dat inspraak gelewer word.

5.2.5 Belanghebbers het ‘n baie hoë verwagting dat die kerk hul lewenskwaliteit sal verhoog / waarde tot hul lewe sal toevoeg.

5.2.6 Die dien van reg en die bestry van onreg bly ‘n hoë verwagting. Ook publieke verklarings hieroor.

5.2.7 Die NG Kerk is nié ‘n plek waar verskillende groepe welkom voel nie. Veral Engelssprekendes voel beduidend meer onwelkom as Afrikaatalsprekers.

5.2.8 Die NG Kerk word gekniehalter deur sy verlede (42% publiek, 70% belanghebbers voel so).

5.2.9 Mense uit alle groepe voel dat die media ‘n negatiewe houding teenoor die NG Kerk openbaar.

5.2.10 Van belanghebbers het 43% dit al oorweeg om die NG Kerk te verlaat.

5.2.11 Kennis van die NG Kerk se publikasies is gebrekkig

5.3 Die volledige dokumentasie waaruit hierdie ondersoek bestaan, is geplaas op die Sinode se webblad by www.ngkok.co.za/sinode2007. Die dokumentasie bestaan uit die basisinligting, opsommings en Powerpoint-aanbiedings

5.4 Implikasies vir Kommunikasie

5.4.1 Die persepsie-navorsing beklemtoon die belangrikheid van kommunikasie. Openbare betrekkinge en die bestuur daarvan is nie ‘n

luukse nie - dit is essensieel vir die kerk. Dit is belangrik dat die Kerk die goeie goed wat hy doen onder die publiek se aandag bring. Media-verklarings en konferensies is ‘n moontlikheid. Die Kerk moet op alle vlakke - van gemeente tot ring - responsief wees op navrae en pro-aktief kommunikeer.

5.4.2 Dit sal ons almal loon om ‘n meer waarderende ingesteldheid teenoor ons Kerk te hê.

Vir kennisname

A4: VISIONÊRE LEIERSKAP

IDENTITEIT EN ROEPING

Die doel met die verslae onder visionêre leierskap soos ingesluit in
Deel 1 is gesprek in kerkrade / gemeentes en ringe rondom die Gereformeerde siening van die kerk.
Dit help gemeente, ring en Sinode om nie in terme van haar eie belange op te tree nie, maar om op God te fokus en sy roeping na te kom.

Ons glo dat die Bybelse pad die enigste pad vir die kerk is. As ons die Here sáám as gemeente gehoorsaam, sal Hy vir ons gee wat werklik goed is - al hou gehoorsaamheid vir ons risiko’s in (Matt 7:7-11)

3. GEREFORMEERDE IDENTITEIT

3.1 Gevare

3.1.1 ‘n Gevestigde kerk met baie bates, tradisie en menslike hulpbronne loop die gevaar om nie langer vanuit sy Bybelse identiteit besluite te neem nie, maar in terme van sy korporatiewe belange en ter wille van sekondêre oorwegings.

3.1.2 Daar is vanuit talle oorde druk op die NG Kerk se Gereformeerde identiteit, soos dit tot uitdrukking gebring word deur ‘n gereformeerde spiritualiteit en die belydenisskrifte.

3.1.3 Vanuit hierdie oorwegings het die *Algemene Sinode in 2007 ‘n verslag aanvaar oor Gereformeerde spiritualiteit* wat vir gemeentes, ringe en Sinodes van die uiterste belang is. Hierdie verslag word vervolgens kortliks opgesom (die volledige dokument is beskikbaar op bl 13 van Deel 1 van die Agenda algemene Sinode 2007. Die bundel is op die web beskikbaar by www.ngkok.co.za/as2007):

3.2 Aspekte van Gereformeerde Identiteit

3.2.1 Die kern van die kern: ‘n Gerigtheid op God.

3.2.1.1 Vir die gelowige gaan dit in die eerste plek oor ‘n gerigtheid op God. Die eerste woord wanneer ons oor die NG Kerk se identiteit praat, kan nie “gereformeerd” wees nie. Ons is nie in die eerste plek “gereformeerdes” nie. In die eerste plek is ons ”Christene”, mense wat aan God behoort. Die strewe is nie allereers om “Gereformeerd” te wees nie, maar om Christelik te wees. Daarom praat Calvyn in sy Institusie nie van die Gereformeerde geloof nie, maar van die Christelike geloof.

3.2.2 Christus, Skrif, Genade, Geloof

3.2.2.1 In die Gereformeerde teologie is daar oor die jare telkens teruggegryp na die boustene van die Reformasie en is die kernsake telkens nuut geinterpreteer. Een van die bondigste maniere om Gereformeerdheid uit te druk, is *via* die vier “*solas*”. Hierdie uitsprake moet telkens verstaan word as ’n reaksie teenoor standpunte waarmee die reformatore nie vrede gehad het nie.

3.2.2.2 Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie, en teenoor natuurlike kennis van God, staan *sola scriptura* (net die Skrif).

3.2.2.3 Teenoor bemiddeling deur die priesteramp, staan *solus Christos* (net Christus).

3.2.2.4 Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan *sola gratia* (genade alleen).

3.2.2.5 Teenoor enige vorm van goeie werke om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan *sola fide* (geloof alleen).

3.2.3 Die Heilige Gees

3.2.3.1 Die feit dat Calvyn soveel klem op die werk van die Heilige Gees plaas, is tiperend van die teologie in gereformeerde konteks. Die lewe voor God is `n lewe in die kragveld van die Heilige Gees. Die sterk opkoms van kerke en groepe in die Pentakostalistiese tradisie in die laat 20ste eeu, vra vir ‘n duideliker onderskeid tussen hierdie groepe en die Gereformeerde opvatting van die persoon en werk van die Heilige Gees. Natuurlik kan Gereformeerdes ook veel van hierdie broers en susters leer - oa hul sterk bewussyn van God se krag, hul gees van aanbidding, en hul ywer vir getuienis. Tog is daar klemverskille:

3.2.3.2 Betreffende die werking van die Heilige Gees, is daar vir Gereformeerdes ‘n enger verbintenis tussen die Gees aan die een kant en God se bekendmaking in Jesus Christus en die Woord aan die ander kant. Gevolglik is daar minder ruimte vir “bonatuurlike visioene” en “vrye profesie” en val die klem op ‘n soberder nadenke oor die Woord in elke nuwe konteks.

3.2.3.3 Betreffende die gawes van die Gees,

verwerp Gereformeerdes die vooropstelling van een gawe (bv talespraak) as uitsluitlike teken van Geesvervulling. Klem val daarop dat alle gawes (genesing, lering, ensovoorts) tot opbou van die gemeente sal wees, en dat die liefde die allerbeste gawe van almal is.

3.2.3.4 Betreffende die "doop met die Heilige Gees", aanvaar Gereformeerdes dat Christene die heiligmaking moet najaag, maar terselfdertyd dat niemand kan bely dat Jesus die Christus is sonder die Gees nie. Daar is dus nie mense wat "meer" en "minder" van die Gees het nie, omdat God se Gees self 'n Persoon en dus onverdeelbaar is. 'n "Doping met die Gees" as aparte tweede en derde ervaring naas die bekering word dus afgewys, hoewel ons onder leiding van die Gees leer hoe om te bid, en toeneem in wysheid en insig in die wil van die Here. Daar is in die tradisie van "gelyktydig sondaar en geregverdig" natuurlik verskille in gehoorsaamheid en 'n wandel in die Gees; en mense kan (soos die Bybel leer) die werking van die Gees inderdaad weerstaan en selfs uitblus om later tot 'n nuwe wandel in die Gees te kom.

3.2.4 Die kerk

3.2.4.1 Die kerk speel `n groot en belangrike rol in die lewe van gereformeerde gelowiges. Dit is hier nodig om iets oor kerk en koninkryk te sê. Dit is een van die kenmerke van gereformeerdes se kerkbegrip dat die geloof nie volledig opgaan in kerkwees nie. Die koninkryk is groter as die kerk. Die kerk kan met reg teken of gestalte van die koninkryk genoem word. Lidmate strewe nie na die verkerkliking van hulle lewens nie, maar na die ver-Christeliking daarvan. Die konkreetheid en aardsheid van geloof staan op die voorgrond. Wat in die kerk gebeur, moet lidmate met die lewe in die Koninkryk help.

3.2.4.2 Die kerk het sy bestaan aan God te danke en behoort nie aan ons nie. Ons behoort aan God. Dit is God se geskenk aan die wêreld waardeur Hy ter wille van die wêreld werk. Die roeping van die kerk kan as Gestuurdes van God omskryf word. Die kerk behoort in wese altyd op die wêreld gerig te wees en op pad na die wêreld te wees.

As instelling van God word dit gekenmerk deur `n verbintenis aan die Woord as identiteitsdokument, die viering van die genade in die bediening van die sakramente en die handhawing van die belydenis van die kerk. Wanneer oor gemeente-wees nagedink word, word twee sake in een asem genoem. Die gemeente is volledig kerk, maar is nie die hele kerk nie. Daarom verstaan Gereformeerdes die gemeente altyd as kerk-in-verband en is daar `n afwysende houding teenoor vorme van kerkplanting wat om welsprekende individue gebou en buite enige verband gestig word. Die eenheid van die verband en eenheid met die hele Christelike familie is van deurslaggewende belang omdat Christus net een bruid het.

3.2.4.3 Die ampsbeskouing is van so `n aard dat leierskap in die kerk altyd die dienskarakter moet vertoon. Die gelykwaardigheid van die ampte sluit heerskappy en hiërargie uit. Die gereformeerde stelsel van kerkregering is op hierdie ampsbeskouing gebou. Die besluite van kerkvergaderings moet deurentyd aan die Woord gemeet word en dit is Christus wat deur Woord en Gees die kerk regeer.

3.2.5 Sakramente

3.2.5.1 In die Gereformeerde tradisie word die sakramente gesien as "tekens en seëls" waardeur God ons help om te verstaan dat Hy ons eerste liefgehad het. Dit is middele waardeur die Heilige Gees in ons werk om ons geloof te versterk. Dit help ons om iets van die Here se genade te verstaan. Die waarheid van die sakramente lê daarom nie in die tekens self nie en ook nie in die manier waarop die gebruiker dit ervaar nie, maar in Jesus Christus. Beide sakramente wil dus nie die aandag op die tekens self vestig nie, of op die een of ander geestelike ervaring van die gebruiker nie, maar dit is "daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus as die enigste grond van ons saligheid te wys" (HK, Vr 67).

3.2.5.2 Die diepste verskil tussen die Gereformeerde doopbeskouing en die siening van voorstanders van die bekeringsdoop lê juis hier. Vir laasgenoemde dui die doop primêr op iets wat in die dopeling se eie lewe gebeur het. Dit is 'n getuienis van die dopeling se bekering en geloof. Vir Gereformeerdes wys die doop en nagmaal ons weg van onsself. Dit rig ons geloof op Christus se kruis en opstanding - sodat die sakramente gesien kan word as "sigbare evangelieverkondiging."

3.2.5.3 'n Ander manier om hierdie onderskeid te stel, is om te sê dat, vir Gereformeerdes, ons geloof op die sakramente rus en nie andersom nie. Die krag en betekenis van die sakramente berus nie op ons geloof (en geloofsbelewing) nie; ons geloof word gebou op en versterk deur die krag wat die sakramente in hulleself het as middele waardeur die Heilige Gees werk.

3.2.6 Liturgie

3.2.6.1 Die Gereformeerde tradisie is 'n "hoor-tradisie" en plaas groot klem op die lees en uitleg van die Bybel. 'n Mens kan dus verwag dat prediking - kontekstuele Skrifuitleg - 'n sentrale moment in die erediens sal wees.

- Dis egter nie die enigste manier om die Bybel "aan die woord" te stel nie: Liedere, gebede en getuienisse versterk die rol van die Bybel. Die sakramente met tekens van water, brood en wyn is ook "sigbare Woord". Die belydenisse en belydenisskrifte stem met die Woord ooreen, en

behoort integraal deel van elke erediens te wees.

3.2.6.2 Weens ons oorsprong is Gereformeerdes effe huiwerig vir ‘n oormatige fokus op rituele, simbole, en beelde. Waar sulke simbole (bv. kruise, kanselklede aangepas by die kerklike jaar) of rituele (salwing, uitsending) egter op visuele manier die Woord bevestig en versterk, pas dit in die groter geheel dat God hier met sy kinders op verskillende maniere praat.

3.2.6.3 Verantwoordelike liturgiese vernuwing – wat byvoorbeeld ander begeleidingsinstrumente en nuwe liedere in die idioom van die tyd betref – is wesenlik deel van die *semper reformanda* (voortgaande reformasie) en moet aangemoedig word sonder prysgawe van liturgiese middele wat die toets van die tyd deurstaan het.

3.2.7.4 Gereformeerdes plaas groot klem daarop dat die erediens God vereer. Hierdie ervaring met God moet ons aanspoor en versterk om elke dag in diens van die Koninkryk te lewe.

3.2.7 Koninkryk

3.2.7.1 Gereformeerdes het altyd ‘n oog gehad daarvoor dat die Koninkryk groter is as die kerk. God is nie `n afdelingshoof nie. Hy regeer oor die kosmos. Selfs al is die realiteit van die gebroke wêreld deurgaans teenwoordig, is daar ook orals tekens van die voorsienigheid en sorg van God sigbaar. Gelowiges het die roeping om orals tekens van die Koninkryk op te rig en vanuit die heerskappy van God te leef. Daarom word die begrip roeping nie vir sogenaamde geestelikes gereserveer nie en word arbeid as sodanig as roeping gesien.

3.2.7.2 Met hierdie perspektief in gedagte is die piekniek saam met die gesin nie minder geestelik of minder belangrik as huisgodsdiens nie. Die misverstand dat genade en natuur teenoor mekaar staan, is goed deur die gereformeerde teologie bestry. Die genade staan nie teenoor die natuur nie, maar teenoor die sonde. Dit beteken dat genade die menslike natuur bevry. God wil dus nie hê dat ons al geesteliker word om sodoende ons menswees te onderdruk nie. Deur God se genadige betrokkenheid by ons word ons weer in staat gestel om egte mense te wees. Die Gees bevry ons van selfsug en selfgesentreerdheid en help ons om weer mens tussen mense te wees.

3.2.7.3 Daar is daarom ‘n aardsheid en ‘n natuurlikheid wat tipies is van gereformeerde vroomheid. Dit sou tipies gereformeerd wees om jou op ‘n verantwoordelike wyse in die genietinge van die lewe te verlustig. Dit kan enige iets wees van ‘n piekniek by die dam tot ‘n besoek aan die teater of dalk die worsteling om die waarheid by ‘n Bybelstudiegroep. Piekniek én preke is nodig en deel van die lewe voor God.

3.2.8 Belydenisskrifte

3.2.8.1 In die NG Kerk word die standpunt gehandhaaf dat die erkende belydenisskrifte as gesagvolle uitdrukking van die gereformeerde geloofsoortuiging aanvaar moet word omdat (*quia*) hulle met die Woord van God ooreenstem. Hulle het gesag in die saak wat hulle volgens die Skrif wil bely.

3.2.8.2 Die NG Kerk besef dat die belydenisskrifte historiese dokumente is wat op meer as een manier die merktekens van die tyd waarin hulle ontstaan het, vertoon. Dié feit kan vir sommige in die kerk ‘n struikelblok wees om hulle in die huidige omstandighede heelhartig te onderskryf. Tog is die erkenning van die historiese aard van die belydenisskrifte nie iets wat die gesag daarvan ondermyn nie. Trouens, ons aanvaar dan dat dieselfde verstaanreël vir die Bybel geld. Hoe dan nou anders met die Belydenisskrifte?

3.2.8.3 Juis omdat die kontekstuele verstaan van die Bybel so belangrik is, is die Gereformeerde tradisie die enigste een waarin belydenisskrifte voorkom. Dis kerklike dokumente wat die kernwaarheid van die evangelie op gegewe momente uitspreek om die Bybel so te beaam en versterk. Die *Drie Formuliere van Eenheid* kom uit die Nederlandse Gereformeerde wêreld en in Suid-Afrika is die *Belydenis van Belhar* in 1986 as vierde belydenisskrif van die destydse NGSK (nou die VGKSA) aanvaar. Daar is talle voorbeelde in ons geskiedenis van nuwe geloofsverklarings en belydenisse om dwalinge te bestry en die evangelie vars te laat klink in veranderde omstandighede.

3.2.9 Mensbeeld

3.2.9.1 Die gereformeerde mensbeeld is baie positief en realisties. Jy moet jouself sien soos God jou sien. Dit bring jou by ‘n goeie en realistiese selfbeeld.

3.2.9.2 En wat is dan die inhoud van hierdie kennis van onsself? Uit die kennis van God as ‘n genadige, regverdige, liefdevolle God, word die gelowiges opgeroep tot die verwondering oor die genade van die verkiesende God. Juis dit beteken dat ons nie meer aan onsself behoort nie, maar aan God. Daarom word die formulering “ons behoort nie aan onsself nie” dikwels in die gereformeerde belydenisse aangetref. Dit beteken dus verantwoordelikheid en dissipelskap. Dit beteken dat ons met ons nuwe status moet leef as mense wat ook lief het, genadig is en geregtigheid soek.

3.2.10 Verbond

3.2.10.1 Die begrip “verbond” was nog altyd ‘n besonder belangrike en bruikbare konsep om kort en eenvoudig die aard van die verhouding tussen God en mens te beskryf. Die eensydige aard van die verbond as iets wat deur God ingestel is, is

net nog 'n wyse om die "genade alleen" te beklemtoon. Die totstandkoming van 'n verhouding tussen God en mens is alleen op grond van sy vrye guns alleen.

3.2.10.2 Die uitwerking wat hierdie verbintenis op die lewe van mense het, bring die aspek van gehoorsaamheid na vore. Daar is altyd twee nie-gelyke partye in die verbond betrokke. Die genadige God roep mense op tot gehoorsaamheid.

3.2.10.3 Verbondsmense wat aan God verbind is, lewe vanuit hierdie verbondenheid 'n nuwe lewe.

Besluit: Die Sinode stuur hierdie opsomming na kerkrade vir gesprekke op gemeentevlak, maar spesifiek ook met die jeug oor die Gereformeerde identiteit van die plaaslike bediening.
Vir kennisname

8. NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING

Nota: Hierdie is 'n effens geredigeerde weergawe van Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 5 wat vanaf bl 75 in Deel 1 van die Agendaboek AS 2007 voorkom, ook te vind by www.ngkok.co.za/as2007.

'n Hele klompie water het al in die see geloop sedert die NG kerk 'n jaar of wat gelede ernstig begin aandag gee het aan die hele saak van nuwe gemeente-ontwikkeling of te wel ook kerkplanting, soos dit in ander tradisies genoem word. Heelwat het met die tyd vir ons duidelik geword en 'n hele paar lesse is geleer. In kort kan dit soos volg saamgevat word:

8.1 Demografiese skuiwe

Die NG Kerk gaan ongetwyfeld deur een van die *grootste demografiese skuiwe in sy geskiedenis.* Dit raak feitlik alle gemeentes. Die NG Kerk word hiermee gekonfronteer met een van die heel grootste uitdagings in sy geskiedenis. Navorsing het gewys dat waar die demografie in en om gemeentes dramaties verander, die volgende statistiek ter sprake kom: 80% gemeentes verdwyn, 10% verplant hulself na 'n area wat weer eie is aan hul identiteit, kultuur en karakter en net 10% transformeer hulself om weer relevant binne die nuwe konteks te wees.

8.2 Navorsing

Navorsing uit die gereformeerde wêreld oorsee, het onder meer die volgende aan die lig gebring (Volgens Prof. Stan Wood : Tot onlangs Direkteur van die Instituut vir NGO en Evangelisasie aan die Columbia Theological Seminary in Atlanta. Tans professor in Gemeenteleierskap en Evangelisasie by die San Francisco Teologiese fakulteit.)

8.2.1 Gemeentes sal weer diep moet gaan besin oor die *teologiese vertrekpunte* waarop hulle ekklesiologie werklik gebou is. Die sogenaamde *Missio Dei* het nog altyd in die hart van ons tradisie gestaan, maar ons sukkel om dit sinvol uit te leef in ons *onmiddellike omgewing*.

8.2.2 Nuwe denke oor die saak het veral na vore getree die dag toe kerklike vergaderings bv. Amerika amptelik as "nuwe sendingveld" geproklameer het.

8.2.3 Die hoofstroomkerke het hulle kundigheid en passie vir evangelisasie verloor.

8.2.4 Studies het getoon dat een van die vernaamste redes vir die afname in getalle in die Presbiteriaanse kerk waarskynlik gevind moet word in die feit dat kweekskole opgehou het om aan die saak te doseer op so 'n vlak dat dit die uitdagings van ons konteks aanspreek.

8.2.5 Die enkele grootste "menslike" faktor in suksesvolle NGO bly die leierskap wat aangewys word. Uitstekende navorsing is hieroor gedoen en profiele is daargestel. Sake soos entrepreneurskap, werklike diep gelowige, geesvervulde leiers en visie het heel bo aan die lys geëindig.

8.2.6 NGO word tans wêreldwyd beskou as een van die mees geskikte instrumente om evangelisasie mee te doen.

8.2.7 Die hele saak van gemeentegrense is verstaanbaar, maar is 'n kompliserende faktor in die hele proses. Gemeentegrense werk goed in 'n sogenaamde vestigingsfase van 'n denominasie, waar die groep relatief homogeen is en die dominante kultuur relatief Christelik georiënteer is. Hierdie scenario het dramaties vir die kerk verander.

8.2.8 Die kerk sal dringend 'n omvattende strategie vir NGO moet daarstel. As dit werklik deel uitmaak van ons missionêre visie en teologie, sal dit ook in ons doelwitte en begrotings moet reflekteer.

8.2.9 Strategies moet daar onderskei word tussen prosesse wat bestaande gemeentes wil help om nuwe lewe te kry (die herontwikkeling van gemeentes) en nuwe gemeente-ontwikkeling wat op 'n radikale nuwe manier die uitdagings en konteks wil aanspreek, veral met die oog op evangelisasie.

8.3 Waarom nuwe gemeentes

Mense vra dikwels die *vraag waarom daar "nuwe" gemeentes gestig moet word terwyl die kerk eintlik krimp?* Hierop kan twee antwoorde gegee word.

8.3.1 "Nuwe" gemeentes is soms nodig om die radikale eise van 'n nuwe tyd en konteks aan te spreek. Dikwels is van die ouer gemeentes net nie in staat om dit genoegsaam te doen nie. In hul

poging om dit wel te doen, word soveel konflik tussen die ou en nuwe beleef dat die oue en daarmee ’n mooi deel van die kerk, vernietig word.

8.3.2 Terselfdertyd is dit nie altyd nodig om splinternuwe gemeentes te stig nie, maar gaan dit inderdaad oor die geboorte van *’n nuwe bediening* binne ’n ou gemeente. Onthou dat alle gemeentes ’n lewenssiklus het en een of ander tyd sterf. Indien daar geboorte gegee is aan nuwe “kinders” bly die gemeente/tradisie egter voortleef.

8.4 Afstigting, samesmelting, sluiting

8.4.1 Die woorde *“afstigting, samesmelting en sluiting”* was vir lank deel van ons woordeskat. Ons sou wou pleit dat dit vir eers op die ys geplaas word. Die wonderlike ontdekking wat gemaak is, is dat klein gemeentetjies, indien die saak reg aangepak word, steeds wonderlike geloofsgemeenskappe en aanbiddingsruimtes kan vorm.

8.4.2 Samesmelting werk in uiterste gevalle, maar moet beslis nie as ’n kortpad gesien word nie. Te dikwels sien ons dat die situasie slegter is na samesmelting in die sin dat talle lidmate net verdwyn het en die finansies steeds krimpend is. Die pyn en begrafnis word dus net uitgestel. Samesmelting, wat nie ook gepaardgaan met dinamiese vernuwing nie, is slegs ’n tydelike maatreël.

8.5 Opgeleide leierskap

Ons begin algaande besef dat die NG Kerk bitter min *opgeleide leierskap en vaardighede* het om goeie en sinvolle nuwe gemeente-ontwikkeling te doen. Mag ons langs hierdie weg ’n ernstige versoek aan ons kweekskole rig om aan die saak aandag te gee. Daar is geen manier waarop ons dit op die langtermyn kan aanspreek buite ons kweekskole om nie.

8.6 Koninkryksperspektief

Nuwe gemeente-ontwikkeling is ’n proses wat ten diepste gedryf en gemotiveer word deur ’n *koninkryksperspektief en ‘n missionêre* hart. Diegene wat dit om suiwere motiewe doen, lê ook wakker oor diegene wat die kerk tans nog nie bereik het nie. Dit is nie in die eerste plek ’n reddingsboei vir die NG Kerk nie. Dit gaan oor die uitbreiding van die Koninkryk.

8.7 Fokusareas

Nuwe-gemeente-ontwikkeling fokus steeds op ’n verskeidenheid areas, naamlik:

8.7.1 *Uitbreidende stadsgebiede* wat veel vinniger ontwikkel as wat bestaande gemeentes met ouer bedieningspatrone kan bereik. Een van die grootste uitdagings vir die NG Kerk is om sinvolle nuwe bedieningsstrategieë vir die stad te ontwikkel. Verstedeliking is nie net maar nog ’n mooi woord nie. Dit is ’n werklikheid. Ook vir die NG kerk. Indien ons dit nie in die stad maak nie, gaan ons dit nie maak nie.

Anders gestel : Ons integriteit hang daarvan af of ons sinvolle bedieninge kan ontwikkel daar waar 80% van ons lidmate woon.

8.7.2 *Multikulturele bedieningspunte* in die stad (veral middestad) asook kwynende landelike gebiede. Daar is nog steeds mense. Mag ons in Christus verstaan dat ook “ander mense van die kruis”, kerklik gesproke “ons mense” is.

8.7.3 *Bedieninge aan randgroepe en veral ’n jonger geslag* wat ons nie met ons hoofstroom bedieninge bereik nie. Wêreldwyd word dit duidelik dat die kerk velerlei gesigte het en op veel meer plekke bymekaar kom as net in kerkgeboue en katedrale.

8.8 Die ABC van NGO

8.8.1 *Die ABC van NGO?* Kry die regte leier/drywer vir die projek. Bou ’n kernspan wat eienaarskap aanvaar en wat die groep verteenwoordig op wie die bediening gemik is en begin met ’n evangeliese ywer bedien.

8.8.2 Dink buite die kassie, maar *weet verseker dat “gimmicks” nie op die langtermyn werk nie*. Mense – ook buite-kerklikes soek geestelike integriteit. Hou dit dus eenvoudig, leef na aan God en sy Woord, bid baie en leef met ’n geloofsonderskeiding wat kom wanneer die Gees jou denke verlig.

8.9 Gemeentegrense

Nuwe gemeente-ontwikkeling forseer ons om nuut oor *gemeentegrense* te dink. Navorsing het getoon dat gemeentegrense goed werk wanneer ’n relatiewe homogene groep mense werk aan die vestiging (eerste geslag) van ’n kerk of denominasie in ’n bepaalde gebied. Die probleem is dat daar algaande ’n situasie kan ontwikkel waar gemeentegrense nie meer ontwikkeling op sistematiese wyse aanhelp nie, maar in sommige gevalle ’n blokkasie daarvoor geword het.

[Vgl Bylaag 6 van Deel 1 Agenda Algemene Sinode 2007 vir die REGLEMENT VIR DIE VERMEERDERING, KOMBINERING, EENWORDING EN SAMESMELTING VAN GEMEENTES]

8.10 Meer inligting

Vir meer inligting sien die webblad: www.gokerk.co.za

8.11.1 Die Sinode versoek kerkrade en ringe

om ernstig oor die implikasies van Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO) binne hulle eie konteks te besin en nuwe gemeentestigting as doelgerigte metode vir kerkgroei te oorweeg

8.11.3 Die Algemene Sinode het ATR opdrag gegee om in samewerking met ADGO, die moontlikheid te ondersoek dat gemeentestigting uit meer as een kerkverband kan geskied (Besluiteregister AS 2007 pt 11.11).

9 MISSIONÊR-DIAKONALE GEMEENTES

Nota: Hierdie verslag is 'n uittreksel uit Boek 1 van die Agenda Algemene Sinode 2007, bl 84vv. Boek 1 is op die web beskikbaar by www.ngkok.co.za/as2007.

9. VERDERE OMSKRYWING VAN MISSIONÊR-DIAKONALE GEMEENTES

9.1 Diens en Getuienis, die wesenstaak van die Kerk

GOD SE SENDING EN ONS SENDING

Een van die mees inspirerende ontdekkings – *herontdekkings* sou waarskynlik 'n beter woord wees – van ons tyd is dat sending nie in die eerste plek die verantwoordelikheid van van mense of selfs kerke is nie, maar van *God* self. Sending moet eerstens as *missio Dei*, God se sending, gesien word. Dis die drieënige God wat die eerste inisiatief geneem het, leer die Bybel ons. Die *Vader* het in liefde na die mensdom uitgereik en sy Seun gestuur. Die *Seun* het as eerste Gestuurde na die aarde gekom om God se heilsplan bekend te maak en in werking te stel. En toe Jesus se werk voltooi is, het die Vader en die Seun die *Heilige Gees* na die wêreld gestuur om God se heilswerk te bevestig.

Vir baie eeue het die kerk dit nie raakgesien nie. Diens en getuienis is as die werk van die kerk gesien – óf van indiwidue, óf organisasies – wat die verlossingsboodskap na al die nasies moes uitdra. Die verantwoordelikheid het op ons skouers gerus om dit te doen. Soms, skryf David Bosch, is sending in *soteriologiese* terme verstaan – ons moes uitgaan om mense van 'n ewige verdoemenis te red. Ander kere was sending as 'n *kultuuraksie* gesien – om die "seëninge" van die Weste aan mense van die Suide en Ooste deur te gee. In baie kringe is sending *ekklesiologies* beskou, as die uitbreiding van die kerk oor ses kontinente, of *heilshistories,* as ons bouwerk aan God se komende ryk.

Dit was Karl Barth wat reeds in 1932 by 'n sendingkonferensie daarop gewys het dat sending nie in die eerste plek uit ons menslike aktiwiteit bestaan nie, maar dat dit God se werk is. Gaandeweg het meer missioloë en teoloë met Barth begin saamstem, totdat daar vandag onder vrywel alle kerke en tradisies eenstemmigheid oor die saak is. Sending is bowe-al *missio Dei*. Jare gelede reeds het die NG Kerk die oortuiging in sy Sendingreglement (18:1) ingeskryf:

"Sending is die heilshandeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader".

Maar as sending God se werk is, wat van ons? Sluit die *missio Dei* die *missio ecclesiae*, die sending van die kerk, uit? Natuurlik nie! Die sending van God mond uit in die sending van die kerk. God maak ons sy *medewerkers* in die saak. "Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle", het Jesus aan sy dissipels ná sy opstanding gesê (Joh 20:21). Met sy afskeid van sy dissipels Hy dit duidelik gestel: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels" (Matt 28:18v). Volgens Lukas het die Here die *missio ecclesiae* as 'n eenvoudige stelling geponeer: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees…" (Hand 1:8). Die getuienistaak van die kerk is 'n *omvattende* taak wat op die nood van die wêreld in al sy dimensies gerig moet wees. Die liefde van die Here moet in woord en daad verkondig word, én in die lewe van die kerk gedemonstreer word. Daarom vervolg die sendingreglement met die volgende woorde:

Deur die gemeente
* laat God sy Woord aan die gevalle wêreld verkondig (*kerugma*)
* bring Hy die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand (*koinonia*)
* laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer (*diakonia*),
* laat Hy sy opdrag om die skepping te bewaar en te bewerk sigbaar tot uitdrukking kom,
* en word sy geregtigheid aan die samelewing en die wêreld verkondig.

So laat Hy sy koninkryk kom tot by die voleinding van die wêreld.

9.2 Getuienis, die Bestaansrede van die Kerk

Kerk en sending kan nooit van mekaar geskei word nie. Die kerk leef vir die sending; dit is die bestaansrede van die kerk. Dit het baie eeue geduur voordat die sentrale Bybelse gedagte herontdek is dat die kerk nie ter wille van homself leef nie, maar ter wille van die wêreld, dat God sy gemeente roep en bemagtig om sy verteenwoordiger op aarde te wees.

"Julle is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, *sodat julle die verlossingsdade van God sal verkondig*…", was

Petrus se woorde aan die gemeentes in Klein-Asië (1 Pet 2:9,10, vgl die Griekse teks).

Natuurlik is die *opbou* van die gemeente – eredienste, kategese, pastorale versorging, ensovoorts – van groot belang. Maar dit alles moet in diens staan van die *uitbou* van die kerk, om die gelowiges te inspireer en toe te rus vir hulle getuienis in die wêreld. Die kerk is alleen die kerk van Christus as dit vir ander mense, vir die wêreld, bestaan, het Dietrich Bonhoeffer vanuit sy tronksel geleer. En, het aartsbiskop

William Temple bygevoeg, die kerk is die enigste maatskappy op aarde wat ter wille van diegene wat *nie* aandeelhouers is nie, funksioneer.

Die oortuiging dat die kerk *van nature missionêr* is, het sedert die Tweede Wêreldoorlog veld gewen. Een teoloog na die ander het dit beklemtoon. In ekumeniese diskussies en besluite is dit met dik hale onderstreep. Die afgelope jare het die oortuiging vanuit die VSA nuwe stukrag gekry deur verskillende publikasies oor “the missional church”. Indrukwekkende programme om gemeentes te motiveer om na *buite* te leef, om hul verantwoordelikheid teenoor die wêreld as hoogste prioriteit te aanvaar, is van stapel gestuur. In ons eie land, ook in die kring van die NG Kerk, word heelwat in die verband gedoen.

9.3 Plaaslike Gemeentes

Maar wie is die kerk wat die opdrag ontvang het? Met die Bybel in die hand is dit duidelik dat die kerk primêr op *plaaslike vlak* bestaan. Natuurlik is denominasionele en sinodale strukture belangrik, maar die *eintlike* gestalte van die kerk is die plaaslike gemeente. Al die mooi beelde wat in die Nuwe Testament vir die kerk gebruik word (volk van God, uitverkore geslag, liggaam van Christus, lig, sout, aangename geur, briewe van Christus, ensovoorts) verwys in die eerste plek na plaaslike gemeentes. Paulus se briewe is aan gemeentes op spesifieke plekke geskrywe. Die plaaslike gemeente is die belangrikste rolspeler in die getuienistaak, wat deur God as sy agent in die gemeenskap aangestel is.

9.4 Elke Lidmaat

Daarby moet dit duidelik gestel word dat *elke lidmaat* ‘n verantwoordelikheid het. In die kerk is daar altyd ‘n behoefte aan voltydse sendelinge, professionele gemeenskapswerkers, tentmaker-sendelinge en korttermyn-sendelinge. Maar hulle staan *tweede* in die ry. Die algemene amp van alle gelowiges staan *eerste*. Elke Christen, elkeen wat Jesus as Verlosser leer ken het, word geroep om ‘n getuie te wees, om sy Naam met woord en daad te bely – tuis, in die huwelik, by die werkplek, in jou vriendekring, in elke sfeer van die samelewing.

9.5 Dimensie en Intensie

Wanneer daar oor die verantwoordelikheid van gemeentes om Diens en Getuienis te lewer gepraat word, is dit nodig om tussen ‘n *missionêre dimensie* en ‘n *missionêre intensie* te onderskei. As die kerk dáár is vir die wêreld, as die kerk in alles wat hy doen die liefde van die Here wil uitstraal, spreek dit vanself dat élke aksie van die kerk ‘n missionêre *dimensie* moet hê. Of eredienste gehou word of kategese bedryf word, of pastorale sorg ter sprake is of ‘n kerkbouprogram, of daar kermis gehou word of oor die jaarlikse begroting besluit moet word, telkens moet die vraag gevra word: dien dit ons getuienis? Lok dit mense na Christus - of stoot dit af? Maar die kerk het nog meer as dit nodig: ‘n missionêre *intensie*. In die program van die gemeente moet voortdurend plek gemaak word vir spesifieke getuienis- en diensaksies en projekte. Die evangelie-liefde van die Here moet verkondig word en ook gedemonstreer word. En daarvoor is planne en strukture nodig.

9.6 Missionêre Strukture

Dit alles bring mee dat elke gemeente eerlik voor die spieël van die Here sal moet gaan staan en vra: watter dinge verhoed ons om ons taak behoorlik na te kom? Dra die gemeentelike strukture ons missionêre aksie, of pootjie ons tradisionele strukture ons? Is die gemeente hoofsaaklik na binne gerig, bo alles op hul eie oorlewing ingestel? Of lewe dié gemeente na buite, na die wêreld, waarheen die Here hul geroep het om as Sy getuies op te tree? In die verlede het die kerk met reg teen ketterse *leerstellings* gewaak, wat dit vir mense onmoontlik gemaak het om die evangelie behoorlik te hoor en te aanvaar. Met net soveel erns moet die kerk ook teen ketterse *strukture* waak, wat die vrye verkondiging van die evangelie kniehalter. Dit kan ‘n ongemaklike oefening wees, maar dis broodnodig!

* * * *

Vir die NG Kerk is sy roeping in die wêreld – veral in Suid-Afrika én in Afrika met hul geweldige uitdagings en probleme – sy erns. Daarvoor is dit nodig dat ons met nuwe moed en oortuiging aanmeld, dat gemeentes in elke Sinode opgeroep word om in die lig van die *missio Dei* en die *missio ecclesiae* hul verantwoordeliheid raak te sien en na te kom. As ons werklik deel uitmaak van die kerk van die Here, sal dit ook nie anders kan nie. Emil Brunner, die Switserse teoloog, het dit rég gesê: “Soos ‘n vlam nie anders kan as om te brand nie, kan ‘n gemeente nie anders as om te getuig nie”.

Besluit: Die Sinode stuur hierdie verslag as gespreksdokument aan kerkrade.

A2: SINODALE KOMMISSIE

15. Lidmaatskap: Oos-Kaapse Raad van Kerke

15.1 Die Oos-Kaapse Raad van Kerke, gesetel in Oos-Londen, het die NG Kerk in Oos-Kaapland in 2004 genooi om by die Raad aan te sluit. Dit het gevolg op die volle lidmaatskap wat op nasionale vlak aan die NG Kerk verleen is. Die SK het besluit om die uitnodiging te aanvaar. Die Sinode is dus ‘n volle lid van die OKRVK.

Vir Kennisname

16. TOERUSTINGSBURO VIR INTERKULTURELE WERKERS

16.1 Die Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers het aansoek gedoen om befondsing deur die Sinode. Aangesien werksaamhede nie op hierdie vlak deur die Sinode onderneem word nie, kon finansiële ondersteuning nie oorweeg word nie. Die SK het egter besluit om aktief mee te werk om die uitstekende werk van die TIW onder leiding van dr Ryk van Velden te bemark en ringe en gemeentes aan te moedig om daarvan gebruik te maak.

Die Sinode moedig kerkrade aan om dr Van Velden te benut in die toerusting van uitreikspanne en toerusting om interkulturele werkers sinvol te ondersteun.

20. HOË KOSTE VAN SINODALE VERGADERINGS

20.1 Die kerkraad van Uitenhage-Oos het beswaar aangeteken teen die hoë koste van die buitengewone Sinode en vra vir ‘n meer bekostigbare reëling in die toekoms. Die NGK PE-Noord het ook vir finansiële bekostigbaarheid gevra.

20.2 Die SK het besluit om alles moontlik te doen om koste binne redelike perke te hou. Waar gemeentes nie oor die nodige fondse beskik nie, kan hulle aansoek doen om hulp. Ringsprojekte kan ook vir hierdie doel ingedien word.

Vir kennisname

A4: VISIONÊRE LEIERSKAP: ‘N OMGEEKERK

10. MIV-VIGSSTRATEGIE VIR DIE NG KERK

10.1 Standpunt van die NG Kerk

Die volgende standpunt rakende MIV-Vigs is reeds by die Algemene Sinode in 2002 geformuleer en herbevestig by AS 2007:

VERKLARING EN VERBINTENIS VAN DIE NG KERK IN VERBAND MET MIV EN VIGS

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het op 14 Oktober 1998, tydens die sitting van sy Algemene Sinode reeds sy verbintenis tot die stryd teen MIV-Vigs verwoord.

Die volgende verklaring is 'n herbevestiging en uitbreiding van hierdie verbintenis.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wil, in die voetspore van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here, sy roeping en betrokkenheid op die MIV-Vigs en vigsterrein op 'n priesterlike, koninklike en profetiese wyse vervul:

1. Ons erken en bely:
- dat onkunde, vooroordeel en ontkenning nog in baie lidmate se harte leef;
- dat ons nie altyd die vernietigende effek wat die MIV-Vigs pandemie op ons gemeenskappe, gemeentes, gesinne en lidmate het, deur God se oë raaksien nie;
- dat ons nie genoegsaam God se liefde teenoor MIV-Vigs geïnfekteerdes en geaffekteerdes uitleef nie;
- dat van ons NG lidmate ook met MIV-Vigs leef.

2. Ons wil liefde en deernis betoon aan alle mense wat met MIV-Vigs leef, geïnfekteerdes sowel as geaffekteerdes. Ons wil dit doen deur:
- ons toe te lê daarop om begeleiding en ondersteuning te bied aan elkeen wat hartseer en pyn beleef, veral ook aan almal wat deur die kerk en breër samelewing verwerp of alleen gelaat word;
- 'n boodskap van hoop en omgee aan lidmate wat met MIV-Vigs leef, oor te dra;
- ons te beywer om mites, verkeerde gesindhede en diskriminerende optrede binne ons gemeentes en gemeenskappe af te breek en voorspraak te doen vir almal wat as gevolg van MIV en vigs ly:
- ons gemeentes plekke te maak waar mense wat deur MIV-Vigs geïnfekteerd of geaffekteerd is, welkom en geborge sal voel;
- ons wil diensbaar wees deur die omvattende nood in Suidelike Afrika te verlig.

2.1 Ons wil dit doen deur programme en projekte, binne en buite ons gemeentegrense te help ontwikkel, te implimenteer en te ondersteun, wat onder andere sal insluit:
- versorging en begeleiding van die groot getalle kinders wat wees gelaat word, onder andere ook deur gemeenskapsorgmodelle;
- emosionele en geestelike begeleiding van geïnfekteerdes en geaffekteerdes, onder andere deur ondersteuningsgroepe;
- fisiese versorging van mense wat met MIV en vigs leef, onder andere deur tuis- en gemeenskapsorg;
- inligting en opvoedingsprogramme wat mense

wat met MIV en vigs leef, sal help om langer gesond te kan bly, asook om die fisiese en emosionele pyn te verlig;
- werkskeppingsprojekte.

3. Bogenoemde impliseer ook die beskikbaarstelling van kennis, mannekrag en fasiliteite tot ons beskikking.

4. Ons wil die verspreiding van MIV bekamp deur die bou van Bybelse morele waardes ten opsigte van seksuele gedrag. Gevolglik:
- roep ons egpare op om getrou aan mekaar as lewensmaats te bly;
- roep ons ouers op om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van seksopvoeding van hulle kinders na te kom;
- roep ons kinders, jongmense en volwasse individue op om seksuele verkeer voor die huwelik uit innerlike oortuiging as Christene te vermy.

5. Ons wil die omstandighede wat die vinnige verspreiding van die MIV infeksie aanwakker, teenwerk. Ons wil alles in ons vermoë doen om:
- die gesinslewe van ons lidmate, geskoei op Bybelse beginsels te versterk;
- armoede, geweld teen vroue en kinders, asook dwelmmisbruik te bekamp;
- korrekte en volledige inligting oor MIV-Vigs beskikbaar te stel;
- vrywillige toetsing vir MIV-Vigs veral ook onder ons lidmate, aan te moedig;
- ons wil alles doen om die boodskap van seksuele onthouding voor die huwelik ondubbelsinnig oor te dra en om die implikasies van ander beskermingsmaatreëls te verduidelik.
- aktief daaraan te werk om die stigmatisering en veroordeling van mense met MIV-Vigs teen te werk.

6. Ons verklaar dat ons in hierdie belangrike saak samewerking en vennootskappe met relevante rolspelers soek, aanmoedig en waar nodig kerklike strukture te skep om samewerking te bevorder.

7. Ons bede is dat God Drie-enig ons as NG Kerk die krag sal gee om as gehoorsame getuie van die Evangelie ons verantwoordelikheid en roeping tot eer van sy Naam en tot uitbreiding van sy Koninkryk na te kom.

10.2 Implementering van die besluite re MIV-Vigs

10.2.1 Die volgende besluite is by die Algemene Sinode 2007 geneem

Die Algemene Sinode:

1. Keur dit goed dat die NG Kerk Vigsforum omvorm word tot 'n forum van die NG Kerk-familie en dat dit voortaan aan die Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis rapporteer. Die Algemene Sinode van die NG Kerk ontvang voortaan verslag van die forum deur die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis.

2. Kontinueer die vorige opdragte aan die ADD rakende die implementering van die Goeie Herder Strategie.

3. Herbevestig die sinode se verklaring en standpunt ten opsigte van MIV/VIGS soos goedgekeur deur die Algemene Sinode (2002) en versoek Sinodes om dit opnuut weer aan gemeentes deur te gee.

10.3.1 Die Sinode bring die Verklaring en Beleidsbesluite re MIV-Vigs onder kerkrade se aandag.

10.3.2 Die Sinode moedig gemeentes en ringe aan om eie MIV-Vigsstrategieë te ontwikkel en in die proses gebruik te maak van die Christen Vigsburo se uitstekende bronne (vergelyk www.cabsa.co.za)

11. GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS

11.1 Die Suid-Afrikaanse samelewing is inherent gewelddadig. Daar is talle slagoffers van misdaad en geweld, waaronder vroue en kinders wat op vele terreine, en spesifiek in plattelandse gebiede, ly.

11.2 Die Algemene Sinode het in 2007 as volg besluit (Besluiteregister AS 2007 pt :19.1)

Geweld teen vroue en kinders

1. Die Algemene Sinode spreek sy weersin uit teenoor elke geval waar 'n vrou of kind onder watter vorm van geweld ook al ly. Die Algemene Sinode wil elkeen wat gely het en steeds ly, verseker van voorbidding asook die Sinode se verbintenis om die saak met wortel en tak uit te roei.

2. Die Algemene Sinode versoek Sinodes om die gemeentes in hulle gebied toe te rus om die saak in elke deel van die gemeentelike bediening en samelewing te hanteer.

11.3.1 Die Sinode versoek kerkrade om die beskikbare hulpbronne vir die slagoffers van geweld in die gemeenskap prominent bekend te stel, bv kontakpersone en adresse / telefoonnommers van noodlyne, CM-Rade, ander welsynsorganisasies, die SAPD e.s.m.

12. SONDAG VIR BARMHARTIGHEID

12.1 AGTERGROND

12.1.1 Die Sondag vir Barmhartigheid is vroeër deur die Algemene Sinode van die VGKSA goedgekeur as 'n projek vir die VGKSA wat fokus

op die kerk se barmhartigheidsbediening en om betrokkenheid daarby in gemeentes te bevorder. Toe die projek deur die VGKSA begin is, was dit deel van 'n breër ekumeniese projek. Op grond van die destydse poging om 'n Verenigde Kommissie vir Diakonaat daar te stel, is die Moderatuur versoek om dit goed te keur dat die NG Kerk by die projek betrokke raak.

12.1.2 Die afgelope twee jaar is die projek via die Sinodes aan gemeentes bekendgestel en 'n aantal gemeentes het hierby betrokke geraak. Die nuutgestigte Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis sien die projek as 'n geleentheid om gemeentes te help met die ontwikkeling van hulle eie Diens en Getuienis en dit kan ook 'n goeie geleentheid wees om samewerking tussen gemeentes van die NG Kerkfamilie in 'n spesifieke gemeenskap te bevorder.

12.1.3 Aangesien die VGKSA goedgekeur het dat die projek jaarliks in Augustus aangepak word en die Sondag vir Barmhartigheid dan op die laaste Sondag van die maand gevier word, het die ADD dit ook so by Sinodes en gemeentes aanbeveel. Dit is egter so dat die laaste Sondag vir Barmhartigheid in die NG Kerk gesien word as Bybelsondag. Daarom het die ADD met die VGKSA hieroor in gesprek getree en daar is ooreengekom dat dit gemeentes vry staan om die Sondag vir Barmhartigheid op enige Sondag in Augustus te vier.

12.2.1 Die Sinode moedig gemeentes aan om betrokke te raak by die Sondag vir Barmhartigheidsprojek.
12.2.2 Die Sinode besluit dat enige fondse, wat in die Oos-Kaap gegenereer word, ten bate van Oos-Kaapse barmhartigheidsprojekte aangewend sal word.

A2: SINODALE KOMMISSIE

34. KONVENT VIR EENHEID

34.1 Die Sinode is 'n lid van die Kaaplandse Konvent vir Eenheid, saam met die VGK Kaapland, die NGK in SA en die RCA.

34.2 Die moderatuurslede verteenwoordig die Sinode op die Uitvoerende komitee van die Konvent, en het aktief deelgeneem aan die werk van die Konvent.

34.3 Die Konvent het op 22 en 23 Junie 2004 in Brackenfell vergader. Na afloop van die konvent het die SK 'n spesiale vergadering gehou (29 Julie 2004) om besluite oor die aanbevelings van die konvent te formuleer. Hierdie besluite is as beskrywingspunt aan die Algemene Sinode van 2004 voorgelê.

34.4 Vanweë deurbrake op nasionale vlak het die groter kerkherenigingsproses sedert 2006 meer aandag geniet. Die klem moes noodwendig verskuif na die vlak van praktiese verhoudingsbou op grondvlak. In hierdie verband is 'n groot voorwaartse stap geneem deurdat die VGK Kaapland toestemming verleen het dat Oos-Kaapse lede van die VGK moderamen saam met die NGK in Oos-Kaapland kan vergader om kerkherenigingsinisiatiewe te neem.

34.5 'n Belangrike konferensie re kerkhereniging het op 2 en 3 Maart 2007 te Cradock plaasgevind. Leraars en lede van Ringskommissies uit die NGK, VGK en RCA het mekaar beter leer ken, verhoudings gebou en saam beplan. Talle deelnemers se gesindhede het radikaal verander en in talle ringe het praktiese inisiatiewe gevolg.

34.6 Die inskakeling van die NG Kerk in Afrika by die proses van die Konvent bly steeds 'n uitdaging en het nog nie konkreet gerealiseer nie.

Vir kennisname

E4 : VOORLOPIGE OPSOMMING VAN TERUGVOER: KERKHERENIGING KONSULTASIE 2007

1. Inleidende Opmerkings

1.1 Die meeste gemeentes het groot moeite gedoen met die gesprekvoering en verslae. Teen Saterdag, 10 November, is meer as 70% van gemeentes se reaksies ontvang. Dankie aan almal wat die verslae opgestel het en deelgeneem het aan die proses om die data te versamel. Dankie ook aan elke lidmaat wat bereid was om 'n mening te deel.

1.2 Gemeentes se terugvoer is op die Sinode se webblad geplaas by www.ngkok.co.za/eenheid. 'n Hele aantal lidmate het ook die moeite gedoen om hul standpunte op skrif te stel. Hiervan is 'n hele aantal reeds op die web geplaas.

1.3 Die status van hierdie verslag: dit is 'n eerste, baie kort opsomming (weens die tydsraamwerk) van gemeentes se terugvoer na aanleiding van die Achterbergh II voorstelle. In hierdie eerste rondte is die meeste lidmate se indiwiduele terugvoer nog buite rekening gelaat. Gemeentes wie se terugvoer laat is, asook lidmate se bydraes sal in die finale verslag aan die Algemene Sinode in berekening gebring word. Die finale verslag word natuurlik ook op die Sinode se webblad gepubliseer by www.ngkok.co.za/eenheid vir belanghebbendes se insae.

1.4 Die finale verslag sal nie net oorhoofse kommentaar bevat nie, maar ook ‘n samevattende lys van mense se gedagtes, argumente en opinies. Die bedoeling met die samevattende lys in die finale verslag is om te verseker dat almal se denke weergegee word.

1.5 Let daarop dat die verslag nie uitvoerig werk met getalle en persentasies ten opsigte van spesifieke menings nie. Die rede hiervoor is dat die ondersoek van die begin af nie op ‘n ewekansige steekproef basis gedoen is nie. Gemeentes het hul terugvoer ook byna deurgaans nie op hierdie manier gegee nie.

1.6 Die terugvoer toon baie sterk weerstand teen die Algemene Sinode se besluit wat lui dat daar nie meer oor die “of” / “dat” van kerkhereniging gepraat word nie, maar slegs oor die “hoe”. Baie respondente maak beswaar dat hulle nooit oor die “of” gekonsulteer is nie, en beleef dat kerkhereniging nou op hulle afgedwing word. Terme soos ‘n “vertrouensbreuk” of “om die bos gelei” word in ‘n paar gevalle ten opsigte van die leierskap gebruik.

1.7 Twee gemeentes het gekies om nie die konsultasieproses te volg nie, maar bloot hul afwysing van kerkhereniging weer te konstateer.

2. Konfessionele Basis: Oorhoofse Kommentaar

2.1 Die gevoelens oor die Achterbergh II-voorstelle oor die Belydenis van Belhar loop skerp uiteen.

2.2 ‘n Beduidende groep gemeentes - sowat 50% - stem saam dat Belhar nie ‘n voorwaarde vir kerkhereniging moet wees nie. Niemand moet geforseer word om die belydenis te aanvaar nie. Die woord “nie forseer nie” kom soos ‘n refrein in die terugvoer voor. Gemeentes wat andersinds sterk standpunt teen Belhar inneem, onderskryf die Achterbergh II voorstelle op hierdie punt.

2.3 Daar is lidmate wat sterk voel - volgens gemeentelike terugvoer - dat die kerke moet voortgaan en herenig. Daar is ook gemeentes wat gereed is vir kerkhereniging. Ander gemeentes beleef tans konsensus of aanvaarding van die belydenisgrondslag. Alhoewel daar vrae is by sommige oor Belhar, is die voorstelle vir hierdie gemeentes aanvaarbaar.

2.4 Daar is ook sterk standpunte teen Belhar, wat beskryf word as ‘n politieke dokument. Vir hierdie standpunt is dit onaanvaarbaar dat dit ‘n integrale deel van die belydenisbasis van ‘n herenigde kerk kan wees.

2.5 Punt 6, wat die groei na ‘n volle aanvaarding van Belhar voorsien, is vir ‘n aantal gemeentes ‘n struikelblok. Dit moet weggelaat word uit die voorstelle. Daar is ook vrae oor hóé die voorstel dat Belhar nie ‘n voorwaarde vir kerkhereniging is nie (pt 1) gerym moet word met die groei na volle aanvaarding (pt 6). Verskeie gemeentes meen dat die twee punte ‘n anomalie verteenwoordig.

2.6 Sommige gemeentes rapporteer ‘n bereidwilligheid tot samewerking, maar nie veel geesdrif vir samesmelting nie. Enkeles vermoed Belhar sal na hereniging afgedwing word, en is op daardie basis teen hereniging.

2.7 Alternatiewe is dat Belhar as ‘n eietydse getuienisdokument gesien word, of dat die herenigde kerkverband ‘n eie, eietydse belydenis opstel.

2.8 Die “stilte” van VGK-kerkleiers oor onreg en diskriminasie, soos regstellende aksie, wat teen die grein van Belhar ingaan, word bevraagteken. ‘n Aantal gemeentes spreek veral wantroue in die VGK-leierskap uit. ‘n Gemeente wat Belhar onderskryf vra dat die sterk emosies teenoor dié belydenis omsigtig hanteer word.

2.9 Taal, kultuur en tradisie is vir ‘n groep gemeentes ‘n ononderhandelbare werklikheid en word as struikelblok vir kerkhereniging gesien. Dit geld ook die uitvoer van gesamentlike projekte. Enkele gemeentes vra of Afrika-tradisies (bv voorouer-verering) in die VGK nie as ‘n teologiese beswaar teen kerkhereniging beskou moet word nie.

2.10 Gemeentes rapporteer dat die konsultasie oor kerkhereniging vir hulle as ‘n verrassing gekom het - hulle het dit nie verwag nie. Dit blyk dat die kommunikasie van die proses regdeur die kerk nie altyd na wense verloop het nie.

2.11 Terwyl sommige gemeentes die inhoud van die Belhar-Belydenis baie goed ken en bestudeer het, is daar ander gemeentes waar onkunde oor dié belydenisskrif bestaan.

3. Model: Oorhoofse Kommentaar

3.1 Vergeleke met die heersende houding teenoor die Belydenis van Belhar, is heelwat minder gemeentes teen die voorgestelde model gekant. Die grootste groep gemeentes aanvaar die model. Sommige voel daar moet liewer ‘n aantal alternatiewe

modelle by gemeentes getoets word. Daar is ook ‘n mening dat kerkhereniging meer ingrypend behoort te wees as wat die model voorstel, anders is die verandering eintlik net kosmeties van aard.

3.2 In die gesprek oor die model kom kulturele belange sterk na vore. Dit moet gehandhaaf word. Die volgende kommentaar van ‘n gemeente vat die gevoel goed saam: “‘n Herenigde verband moet ‘n ruim huis wees waarin daar plek is vir verdraagsaamheid. Die beste manier is om plaaslike kerkrade inderdaad toe te laat om die bediening in te rig by hul omstandigjhede en behoeftes. Kerkeenheid sal dus verskillend lyk op verskillende plekke, en dit is reg so. Die kerkorde moet oop wees en minimale voorskrifte bevat.”

3.3 Die feit dat hereniging die verband struktureel direk raak, maar nie gemeentes nie, is vir ‘n groep gemeentes nié genoeg waarborg vir kulturele selfbehoud nie. ‘n Gemeente meen dat assossiasie-lidmaatskap daarom verder deurgedink moet word en dalk ‘n integrale deel van die nuwe struktuur moet uitmaak.

3.4 Baie gemeentes beleef kerkhereniging as gemeente-hereniging.

3.5 Daar is gemeentes wat voel dat geen gesamentlike struktuur, soos ‘n Algemene Sinode, geskep moet word nie. Gegewe die heersende politieke klimaat is selfs so ‘n struktuur polities te sensitief. Uit die terugvoer blyk ‘n verband tussen enersyds die tipering van Belhar as politieke dokument en andersyds sensitiwiteit vir die ongunstige politieke klimaat onder lidmate van die NG Kerk. Weens die politieke klimaat kan kerkhereniging kerkskeuring in die hand werk, word gesê.

3.6 Gemeentes rapporteer weerstand teen verandering by veral ouer lidmate wat gebore is uit ‘n moegheid vir die geweldige verandering waarmee mense oor die afgelope 15 jaar gekonfronteer is.

3.7 Vrees speel ‘n belangrike rol in die beoordeling van die model. Sal die Algemene Sinode gemeentes se grense verander om hul samestelling te manipuleer? Sal gemeentes verplig word om predikante van kleur te beroep? Sal ons oorheers word? Vir hierdie gemeentes se verstaan beteken hereniging vanselfsprekend dat blanke lidmate van die NG Kerk die minderheid in ‘n herenigde verband sal uitmaak. Die demografie van die land word veronderstel as daar oor die getalleverhouding in die NG Familie gedink word. Sal “regstellende aksie” afgedwing kan word en wat is die implikasie hiervan vir finansies en eiendomme?

3.8 Teen hierdie agtergrond is daar ook bekommernis oor finansies en geboue wat kan depresieer.

3.9 Meer as een gemeente wat gekant is teen die model rapporteer goeie verhoudings met plaaslike familiekerke en wil eenheid as ‘n Familie van Kerke uitleef. ‘n Federale model of ‘n assosiatiewe model geniet daarom beduidende steun in die terugvoer.

3.10 ‘n Plattelandse gemeente wys daarop dat hulle reeds kerkeenheid op hulle dorp bereik het in die sin van samewerking op barmhartigheidsterrein en gesamentlike byeenkomste op die Christelike feesdae. Samewerking tussen kerke is noodsaaklik om die wêreld te oortuig van die liefde van Christus. In hierdie sin word kerkeenheid gesteun, en nie as iets wat deur ‘n meerdere vergadering voorgeskryf word nie.

3.11 Kan gemeentes deel wees van kerkhereniging sonder om die model te aanvaar? Of gaan hulle gestoomroller word om in te skakel? Heelwat gemeentes vra wat gaan word van gemeentes wat nie met die hereniging wil saamgaan nie?

3.12 ‘n Paar gemeentes voel dat ‘n proeftydperk vir die Algemene Sinode en/of Sinodes toegelaat moet word om te sien of kerkhereniging werk voordat dit gefinaliseer word.

3.13 Die vraag word ook gevra of die Skrif, wat nie kerkverband ken nie, werklik strukturele eenheid voorskryf? En - indien wel - waarom is hierdie voorskrif dan meer dwingend vir die kerkverband as vir gemeentes?

4. Gesamentlike Projekte: Oorhoofse Kommentaar

4.1 Verreweg die grootste groep gemeentes is sterk ten gunste van gesamentlike projekte. Gesamentlike missionêre projekte en onderlinge hulpverlening tussen swakker en sterker gemeentes word voorsien.

4.2 Terwyl die NG Kerk op die platteland oor sterk administratiewe strukture beskik, sê ‘n gemeente, het die VGK weer sterk ontwikkelde ouderlingsbedieninge en geestelike leierskapstradisies (weens die afwesigheid van ‘n leraar). Die kerke kan dus baie by mekaar leer en mekaar aanvul. Hierdie samewerking vind in verskeie gestaltes plaas volgens die terugvoer.

4.3 Talle gemeentes is tans reeds in meerdere of mindere mate met gesamentlike projekte besig.

4.4 Enkele gemeentes voorsien taal- en kulturele probleme rondom gesamentlike projekte. Daar word ook gevra hoe dit befonds gaan word?

4.5 Een gemeente meld dat niemand belangstel in gesamentlike projekte nie, en ‘n ander een vra dat die voorstel in sy geheel weggelaat word.

5. Versoening: Oorhoofse Kommentaar

5.1 Gemeentes is baie positief oor versoening en ervaar die behoefte om die verlede af te handel. Een opmerking: “Versoening kom waar ons in die hede met mekaar ‘n pad stap wat wys dat ons opreg is”. ‘n Ander: “Vergifnis is ‘n onontbeerlike voorvereiste vir versoening en samewerking”.

5.2 Geskille moet so gou as moontlik besleg word - met verwysing na die VGK - NGKA-situasie. Versoening is hier broodnodig. Dit belemmer kerkhereniging.

5.3 Die rol van gebed, afhanklikheid van die Here en omsigtige optrede van alle kante word beklemtoon.

5.4 ‘n Gemeente vra: Wat is die verband tussen versoening en reeds bestaande leerstellige en teologiese kwessies?

5.5 Kerkskeuring vanweë die herenigingsproses moet ten alle koste vermy word.

5.6 ‘n Gemeente meld dat kontak met die plaaslike VGK verrassend was gegewe die waardering vir die gemeente by die VGK. Daar was ‘n totale afwesigheid van bitterheid en ongelukkigheid. ‘n Gesamentlike erediens het sedertdien plaasgevind.

5.7 Daar is ook ‘n behoefte dat die ander Afrikaanse gereformeerde kerke by eenheidsprosesse betrek word.

6. ‘n Nuwe Naam

6.1 Die volgende moontlikhede word genoem (alfabetiese volgorde):

Afrika Getransformeerde Kerk
Algemene Christelike Kerk
Algemene NG Kerk van Afrika
Christus se Kerk
Die Nuwe Gereformeerde Kerk in Christus
Die Nuwe NG Kerk
Enlightened Christian Church
Herenigde Kerk van SA
Herenigde Nederduitse Gereformeerde Kerk
Kerk van Christus
Liggaam van Christus
Nederduitse Gereformeerde Kerk (of ‘n naam waarin hierdie woorde voorkom)
NG Kerk in Afrika
NG Kerk van Afrika
NG Kerk vir Afrika
NG Kerkfamilie
NG Verenigde Kerk
NGK (die naam wat gegeld het voor al die afskeidinge sedert 1881)
Nuwe Geref Kerk in SA
SA Sinode van NG Kerkverband
SA Verenigde Kerk
Simunye
Suid-Afrikaanse Gereformeerde Kerk
Suider-Afrikaanse Gereformeerde Kerk (heelwat steun)
Suiderkruiskerk van Jesus Christus
Verenig in Christus
Verenigde Christelike Kerk in SA
Verenigde Kerk van God
Verenigde Kerk van Vrede en Versoening
Verenigde NG Kerk van Suid-Afrika
Verenigende Reformerende Kerk van Christus in SA
Vernigde Christelike Kerk
VGK

Vir kennisname

DIE VOLGENDE VOORSTEL IS DEUR DIE SINODE GOEDGEKEUR

1. Die Sinode is bemoedig deur en neem met dankbaarheid kennis van die weg wat die Here spesifiek met die NG Kerk in die Oos-Kaap t.o.v. versoening in rasseverhoudinge geloop het – soos o.a. gehoor in die verhale wat tydens die openingsliturgie van die Sinodesitting deur Ringsafgevaardigdes vertel is.

2. Die Sinode onderwerp hom aan die Here se oproep in sy Woord tot versoening en eenheid van sy kerk en neem graag hande met die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap in die herroeping van die besluit van die Kaapse Kerk op 6 November 1857 wat direk aanleiding tot kerkskeuring / afsonderlikheid in die kerk o.g.v. ras gegee het. Die volledige besluit lui as volg: *“De Synode beschouwt het wenschelijk en schrifmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geskieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in den weg zoude staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal.”*

In die lig van die verloop van die geskiedenis betreur die Sinode die tweede deel van die besluit waarvolgens die eise van die praktyk as norm bo die eise van die Skrif geneem is en dit oor ‘n

tydperk van 150 jaar tot groot pyn by lidmate van die NG Kerk familie gelei het.

3. Die Sinode roep in herinnering dat die gemeente, uit wie se geledere hierdie genoemde besluit van 1857 geneem is, uit Oos-Kaapse bodem (Stockenström-gemeente en die Ring van Albanie) kom en daarom die behoefte het om hierdie besluit ook juis vanuit die Sinode van die Oos-Kaap te herroep as 'n gebaar om sy erns met God se roeping tot versoening en hereniging te bewys.

4. Die Sinode moedig, saam met die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap, gemeentes en ringe aan om die versoening en hoop sigbaar te maak deur sover as moontlik met die ringe en gemeentes van die VGK, RCA en NGKA te verenig.

5. Die Sinode vertrou dat die Here ons op hierdie weg sal lei om heling vir die wonde te bring en 'n lig vir die nasies te laat skyn.

Vir kennisname

A4: VISIONÊRE LEIERSKAP: KERKHERENIGING

18. Die Oos-Kaapse verhaal re die verlies en herstel van die kerkverband in die familie van NG Kerke

Nota: Hierdie dokument is elektronies beskikbaar by www.ngkok.co.za - gaan na die area "Artikels".

18.1 Die Sinode van Oos-Kaapland is in die jaar 1973 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, soos wat die Wes-en-Suid-Kaapse Sinode amptelik bekend staan, afgestig. Tot met daardie datum deel hierdie twee kerke dieselfde geskiedenis.

18.2 Kerkplanting aan die Kaap van Goeie Hoop vind in 1652 met die koms van Jan van Riebeeck plaas. Vyftig jaar vroeër, in 1602, kom verskillende Hollandse handelsmaatskappye saam in die *Verenigde Oos-Indiese Kompanjie* met die doel om handel met Indië te dryf. Sedert 1622 was sodanige maatskappye ook verplig tot die *beskerming van die openbare geloof*[1]. Die bewindhebbers van die *Kompanjie* wou nie slegs dat daar 'n goeie verstandhouding tussen die koloniste en inboorlinge sou bestaan nie. Nee, hulle was ook begerig om die inboorlinge vir die Christendom te wen[2].

18.3 By die nalees van hierdie vroeë geskiedenis val dit op dat gemeentegroei aanvanklik baie stadig was. Die gemeente Kaapstad word in 1665 gestig, en Stellenbosch volg in 1686. Teen 1708, meer as 'n vyftig jaar na kerkplanting, tel die lidmate van Kaapstad maar 130[3] Aanvanklik is daar gedurende die eerste jare nog geen diensdoende predikant aan die Kaap nie, en word die geestelike werk deur sieketroosters of godsdiensonderwysers gedoen[4], ds Johan van Arckel kom in Augustus 1665 as eerste vaste leraar na Kaapstad, en algaande word die geestelike werk op geordende wyse verrig[5].

18.4 Nadat vir 'n tyd lank alle kinders, ook dié van heidense ouers, gedoop is, besluit die kerkraad van Kaapstad egter dat slawekinders, waarvan die vader of moeder Christen was, tot die Doop toegelaat word, mits hulle *heer en meester of iemand in sy plek as doopgetuie optree*[6]. Ook word bekeerlinge uit die slawekorps, asook plaaslike anderskleuriges, by die plaaslike gemeentes as lidmate ingeskakel[7].

18.5 Hieroor kan daar geen onduidelikheid wees nie :

- Wanneer die vraag ontstaan of sendingwerk die verantwoordelikheid van die kerk of van 'n sendinggenootskap is, teken een-en-sewentig lidmate van die gemeente Wagenmakersvallei (vandag Wellington) 'n versoekskrif waarin hulle verklaar dat hulle begeer dat hul slawe (deur die kerk) in die suiwer Gereformeerde geloof onderrig moet word[8].

- Wanneer ds Kicherer in 1806 die nuwe leraar van Graaff-Reinet (gestig in 1792) word, preek hy Sondagoggende *in die kerk vir 'n aansienlike gemeente van Christene en heidene*[9].

- Te Zwartberg (Caledon) word slawe en slavinne met die toestemming van hul eienaars gedoop, nadat hulle in die teenwoordigheid van die gemeente *ondersoek* is : *Die vreugde neem verder toe toe die gedooptes vir die eerste keer tot die nagmaal toegelaat word - sommige eienaars verkies om met hul slawe aan dieselfde tafel aan te sit.....*[10].

18.6 Toe daar egter tydens hierdie periode 'n afsonderlike bediening onder persone van 'n ander velkleur begin ontwikkel - deels vanweë die eise van kerugmatiese doeltreffendheid en deels

[1] A Moorrees : Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1652-1873) p2ev

[2] Ibid p11

[3] Ibid p144

[4] Ibid p11

[5] Ibid p31

[6] Ibid p35

[7] D Crafford : Aan God die dank (1982) p11ev, p36ev

[8] Moorrees, ibid p388

[9] Ibid p484

[10] Ibid p489 (Oor die groot getalle gekleurdes wat as lidmate toegelaat word sien ook p529ev)

onder die invloed van die bedieningspatroon van sendinggenootskappe - waarsku die kerk terselfdertyd teen 'n verbreking van die eenheid, en by meer as een geleentheid tussen 1826 (die eerste Sinode) en 1857 (waar 'n gewraakte besluit geval het) is daarop gewys dat gelowiges vanuit die *heidenen* saam moet kan aanbid en saam nagmaal behoort te gebruik as behorende tot dieselfde kerk[11].

18.7 In die Oos-Kaap groei die kerk vanaf die begin van die 19 de eeu met rasse skrede. Vyf en twintig jaar ná die stigting van die gemeente Graaff-Reinet volg Uitenhage (1817), en daarna Cradock (1818), Somerset-Oos (1825), Colesberg 1826), Glen Lynden (1829) en Albanie (1831). Ook Stockenström word in 1831 tot die kerkverband gevoeg.

18.8 Laasgenoemde gemeente het sy ontstaan te danke aan die Engelse bewind wat 'n nedersetting te Katrivier vestig as bolwerk teen die invalle van die swart inboorlinge van die gebied. Onder die nedersetters - gekleurdes - was daar diegene wat die regering versoek om 'n NG-leraar aan hulle te voorsien. So word die gemeente in 1831 gestig, en word ds WR Thomson as die eerste leraar te Balfour deur ds Morgan (Somerset-Oos) bevestig.

18.9 Na die uitbreek van die sg Katrivier-rebellie word etlike erwe verbeurd verklaar en aan blankes verkoop. Onder die nuwe eienaars tel ook NG-lidmate, en hulle sluit hul by die Stockenström-gemeente aan[12]. Vanuit hierdie geledere kom egter die beswaar wat in 1857 tot die Sinode se besluit lei - vanweë die *zwakheid van sommigen* - dat gemeentes wat uit die heidene opgerig word hulle *Christelijke voorrechten* in 'n afsonderlike gebou of gestig kon geniet.

18.10 Dit is uiters belangrik om raak te sien dat hierdie geen prinsipiële besluit tot afsonderlike kerkvorming was nie. Immers begin die besluit met die uitspraak : De Synode beschouwt het wenschelijk en schriftmatig, dat onze ledematen uit die Heidenen in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan[13]. Veel eerder moet dit as 'n ordereëling gesien word, beskou as in die beste belang van de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen.

18.11 Ongelukkig het hierdie besluit tog die weg tot afsonderlike kerkontwikkeling gebaan. Geen wonder dan ook dat die blanke lidmate van die Stockenström-gemeente in 1862 afstig tot die afsonderlike Greykerk-gemeente - steeds deur genoemde ds Thomson bedien[14]. Dit dien ook vermeld te word dat lg gemeente op 11 Desember 1983 sou ontbind[15].

18.12 Die verdere (ongelukkige) verloop van die geskiedenis is bekend : in 1881 word die NG Sendingkerk gestig, in 1910 die (swart) NG Kerk in Afrika, en in 1968 die (Indiër) Reformed Church in Africa. Gedurende 1994 herenig 'n gedeelte van die NG Kerk in Afrika met die NG Sendingkerk om die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika te vorm. Maar die verskeurdheid bly.

18.13 Die drang tot die herstel van die kerk-verband, oftewel kerkhereniging, het met die jare egter toegeneem. So vroeg as 1966 word die (tweede) Algemene Sinode van die NG Kerk met 'n voorstel bedien : Die Hoogeerwaarde Sinode word versoek om te besluit dat opdrag aan die Kommissie vir Aktuele Sake gegee word om, in die lig van die Skrif en die Belydenis, prinsipieel te besin oor die moontlikheid om die eenheid van die NG Kerk (Blank, Kleurling, Bantoe) tot praktiese, organisatoriese uitdrukking te bring en daaroor te rapporteer[16]. En dit was maar die begin : daarna sou die Algemene Sinode tydens elke vergadering sedert 1986 besluite neem wat die dringende begeerte tot strukturele eenwording van die kerke in die Familie van NG Kerke sou uitspreek[17].

18.14 Hierin het die Oos-Kaapse Kerk nie agtergebly nie. Sedert sy afstigting in 1973 is die volgende besluite en aksies geneem op die weg na die herstel van die kerkverband :

- Vanaf die afstigting (1973) was skakeling en samewerking met die NG Sendingkerk, NG Kerk in Afrika en RCA vir die nuwe jong Sinode baie belangrik. Daarom is skakelkommissies sommer reeds by daardie Sinodevergadering goedgekeur[18].

- Tydens die tweede vergadering van die Sinode word die volgende besluit geneem : Die Sinode van Oos-Kaapland het andermaal diep onder die indruk gekom daarvan dat dit nie genoegsaam is dat die lidmate van die Moederkerk en die onderskeie jonger kerke ons wesenseenheid net

---

[11] Crafford : ibid p36ev

[12] PL Olivier : Ons Gemeentelike Feesalbum (1952) p50

[13] Sien artikel (*Eenheid en Struktuur in die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie van Suider-Afrika*) van CM Pauw in DJ Louw (samesteller) : Op die Breuklyn (1985) p128ev

[14] Olivier : ibid p50

[15] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1987) p4

[16] Agenda Algemene Sinode (1966) p401 - volgens die Handelinge (pt B.X.8 p 564) is hierdie voorstel goedgekeur

[17] Vgl bv Kerk en Samelewing (1986) par 90-92 p16-17; Kerk en Samelewing (1990) par 78-81 p12; Handelinge Algemene Sinode (1994) p440; Handelinge Algemene Sinode (1998) p516; Handelinge Algemene sinode (2002) p578; Handelinge Algemene Sinode (2004) p427 en Besluite Algemene Sinode (20070 (Handelinge 2007 op datum nog nie beskikbaar nie)

[18] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1973) p117, p186

bely nie, en doen daarom 'n dringende beroep op blanke sowel as nie-blanke Christene om hierdie eenheid ook prakties met die daad te verkondig, soos bv deur die gesindheid wat ons teenoor mekaar betoon, die wyse waarop ons met mekaar praat en sake bespreek, die manier wat ons teenoor mekaar optree. Die Sinode doen hierdie beroep met die duidelike besef dat een van die belangrikste vorme van sendingwerk in die omstandighede van vandag, die sendingwerk van die Christelike gesindheid en Christelike verhoudinge is[19].

● Ook die volgende besluit word tydens hierdie vergadering geneem : Aangesien dit met die oog op die toekoms van ons sending 'n saak van absolute dringendheid geword het dat goeie betrekkinge tussen blank en nie-blank en tussen moeder- en dogterkerke uitgebou word, wil die Sinode 'n ernstige beroep op kerkrade en ringe doen om deur hul sendingkommissies nouer skakeling op plaaslike vlak met gemeentes van die dogterkerke te bewerkstellig[20].

● 'n Voorstel ter verbetering van volkereverhouding dien voor die vergadering van 1979. Hierin word gevra dat die vergadering opnuut die standpunt van die Algemene Sinode onderskryf waarin kerkrade daarop gewys word dat die gesindheid om anderskleurige gelowiges onder alle omstandighede uit hul eredienste te weer in stryd is met vorige besluite. Ook moet die Sinode beklemtoon dat die oproep tot nouer kerklike skakeling met die ander drie kerke in die familie - wat onder andere uitkom in die periodieke bywoon van mekaar se eredienste - nie sy motivering vind in die huidige politieke proses in die land nie - dit gaan in die eerste instansie terug op die Skriftuurlike eis ter wille van 'n getuienis aan die wêreld, nl om die eenheid van die kerk ook sigbaar uit te leef (Joh13:35; Joh 17:21). Verder vra ons huidige sendingsituasie meer as ooit ons groter meelewing van die vier NG Kerke met mekaar. Ongelukkig(?) is hierdie voorstel teruggetrek ter wille van 'n amendement wat geoordeel het dat die Sinode liefs moet volstaan by sy reeds-genome besluite[21].

● Intussen is 'n Skakelkommissie ook tussen die Oos-Kaapse Sinode en die Oos-Kaapse ringe van die NG Sendingkerk gevorm, met die doel om advies en leiding aan gemeentes en ringe van die twee kerke tov bearbeiding en beplanning te bied.

18.15 Ook word inligting so onderling uitgeruil, terwyl gesamentlike vertoë tot die owerheid oor knelpunte in die gemeenskappe ook via hierdie kommissie gerig sou word[22].

● 'n Besluit wat daarop dui dat die temperatuur in die debat rondom die verhoudinge tussen die kerke in die NG Kerkfamilie aan die styg was, word tydens die Sinodevergadering van 1983 geneem. Voor die vergadering dien die volgende voorstel : Die Sinode wil dit weereens onder die aandag van kerkrade en lidmate bring dat die kerk se amptelike standpunt tov ons verhoudinge met die NGKA, NGSK en RCA in die boekie "Ras, Volk en Nasie" vervat is. Dit word van kerkrade verwag om nie in stryd met Sinodebesluite op te tree nie, maar om duidelike en doelgerigte leiding te gee tov die implementering daarvan in die gemeentes. Lidmate word gemaan om nie die taak van leraars en kerkrade te bemoeilik deur liefdelose kritiek en optrede wanneer in lojaliteit en gehoorsaamheid aan die kerk gehandel word nie. 'n Amendement met die volgende inhoud word op genoemde voorstel gestel : Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om in hulle verhouding met die NGSK, NGKA en RCA en hulle lidmate volgens die besluite van die Algemene Sinode en met omsigtigheid te handel en die implementering daarvan volgens plaaslike omstandighede. Die amendement is uiteindelik met 'n klein meerderheidstem (145/137) aanvaar om sodoende die besluit van die vergadering te word. Ons kan ons dit goed indink dat hierdie besluit waarskynlik deur 'n lang en warm debat voorafgegaan is, en 'n leraar-afgevaardigde het dan ook sy minderheidstem laat aanteken omdat die amendement die wese of essensie van die voorstel verander en daarom nie meer 'n amendement is nie, maar 'n ander voorstel[23].

18.16 Dit is duidelik : ook in die Oos-Kaapse Kerk was die tafel nou gedek vir dit wat drie jaar later die kerklike landskap sou verander : die Algemene Sinode se besluite tov die verhouding tussen die kerk en die samelewing.

● Wanneer Kerk en Samelewing (1986) voor die Sinodevergadering van 1987 dien, besluit die Sinode om die Algemene Sinode met die volgende voorstel tov paragrawe 265/266 te bedien : Geloof in die Drieënige God en sy openbaring in die Skrif is die fundamentele voorwaarde vir enigeen om 'n lidmaat van 'n gemeente van die Ned Geref Kerk te word. Die Ned Geref Kerk vereis egter ook dat hierdie geloof opreg bely en uitgeleef moet word soos dit verwoord is in die aanvaarde Belydenisskrifte, nl die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls[24].

● By dieselfde vergadering dien ook 'n beskrywingspunt betreffende 'n model vir kerkeenheid - 'n beskrywingspunt wat sy tyd ver vooruit was, maar waarvan die vorm waarin dit

[19] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1975) p484

[20] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1975) p183, p501

[21] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1979) p414-415

[22] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1979) p239

[23] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1983) p415

[24] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1987) p383

aangebied is nie vir die vergadering ontvanklik was nie[25] : Afsonderlike gemeentes en kerkrade bly voortbestaan, maar binne die een nuwe kerkverband. Enige lidmaat kan binne die kerkverband te enige tyd, indien omstandighede sodanig is, sy attestaat na enige van die vier gemeentes binne die NG Kerk-familie oordra, en daarmee op kerkordelike en verantwoordelike wyse gehandel word. Op ringsvlak en verder is daar net een ring, een Sinode en een Algemene Sinode[26].

● Hierdie Sinodevergadering neem voorts kennis van die beginsels vervat in 'n beskrywingspunt, ingestuur deur die Ring van Albanie, en wat handel oor die *faktore wat gemeentevorming behoort te bepaal, nl geografiese omstandighede, taal en belewing as kommunikasie, en vrye assosiasie op grond van die geloof in Christus. Gemeentes wat so gevorm word tree dan met mekaar in dieselfde rings-, sinodale- en Algemene Sinodale verband*[27]. Die saak word vir verdere studie na 'n kommissie van die Sinode verwys vir verslag aan die Sinodale Kommissie[28].

● Andermaal bevestig die Sinodevergadering van 1991 die Sinode se welbekende standpunte as hy die besluite en optrede van die Sinodale Kommissie kondoneer : *Die Sinodale Kommissie onderskryf die gedagte van kontak en samewerking tussen die verskillende gemeentes van die NG-Kerkfamilie, selfs die daarstelling van samewerkingstrukture waarvan die Skakelkommissie 'n voorbeeld is..... Die NG Kerke erken die noodsaaklikheid vir geestelike en sigbare eenheid, maar is tans nog nie gereed om aan te dui hoedanig die moontlike strukturele model daar moet uitsien nie..... Die Sinodale Kommissie sal (eers) 'n Gereformeerd-kerkregtelike begronding vir die "gesamentlike ring" wil ontvang.....dit is onduidelik watter bevoegdheid 'n ring van 'n ander kerkverband in die uitvoering van die taak van 'n ring van die NG Kerk kan hê.....die vorme waarin sigbare eenheid tot uitdrukking kan kom kan nie deur meerdere vergaderings op mindere vergaderings afgeforseer word nie.....*[29]

● Gedurende Junie 1995 besluit die Sinodale Kommissie om ringe, gemeentes en lidmate te versoek om kommentaar te lewer op die Algemene Sinode van 1994 se besluit ten opsigte van kerkvereniging. Die algemene gevoel onder die ringe wat terugrapporteer was dat daar duidelike Skrifbeginsels is wat na besliste kerkeenheid verwys : *Die eenheidstrewe binne die NG Kerk-familie is op sigself genome skriftuurlik korrek*[30].

● Ten opsigte van die Belydenis van Belhar word besluit : *Die Sinode van Oos-Kaapland vereenselwig hom met die ASK se hantering van die Belharbelydenis en Kerk en Samelewing as basis vir die gesprek met die VGK.* Ook word besluit *dat die Belharbelydenis nie as belydenisskrif aanbeveel word nie, maar saam met Kerk en Samelewing as 'n beleidsdokument deel van die eenwordingsgesprek sal vorm*[31].

● Onder die besluite wat ná die vergadering van 1995 aan kerkrade en gemeentes deurgegee word is die volgende : *Dit is uit die kommentaar duidelik dat die geestelike karakter van die eenheid in Christus dikwels gebruik word om verskeurdheid te legitimeer en kerkeenheid af te wys. Dit kan in die lig van die Skrif en die Gereformeerde belydenisskrifte nie aanvaar word nie. So word die radikale verlossing en die vernuwing wat Christus gebring het, aangetas.* Voorts : *Dit is nodig om tussen verskeidenheid en verskeurdheid te onderskei. Verskeidenheid tussen mense hef nooit die eis tot kerkeenheid op nie, maar het praktiese implikasies vir die wyse waarop die kerkeenheid georganiseer word. In die Suid-Afrika van 1995 is dit baie moeilik om die konsep van verskeidenheid te suiwer van motiewe soos verskeurdheid en rassisme. Dit is duidelik dat die eenheid die Skriftuurlike opdrag is, nie die verskeidenheid nie. Die eenheid word in die belydenisskrifte bely, nie die verskeidenheid nie. Verder is dit ook so dat die verskeidenheid deur Christus se verlossingswerk gerelativeer is (Gal 3:28), en daarom nie gebruik mag word om die eenheid weg te kalwe nie. Die verskeidenheid moet egter deeglik verreken word in die daarstel van eenheidstrukture*[32].

● Hierdie vergadering *betreur die kerklike verskeurdheid soos dit na vore kom in onderlinge wantroue, gebrekkige liefdesbetoon en die ontbrekende gemeenskap van die gelowiges.* Ook vereenselwig hy homself met die besluit van die Algemene Sinode van 1994 wat in verband met kerkeenheid geneem is, *en hy verheug hom oor tekens van die eenheid in Christus wat reeds waargeneem kan word*[33].

● Die volgende beskrywingspunt, ingestuur deur die Sinodale Kommissie, word goedgekeur : *Die Sinode van Oos-Kaapland besluit om in gesprek te tree met die Verenigende Gereformeerde Kerk oor die eenwording van gemeentes van die twee kerke in die Oos-Kaapstreek.* As deel van die motivering vir die besluit dien die feit dat veral in

[25] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1987) p313

[26] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1987) p308

[27] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1987) p307ev

[28] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1987) p384

[29] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1991) p13-14

[30] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1995) p 313

[31] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1995) p390

[32] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1995) p333

[33] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1995) p334

die Oos-Kaapse platteland 'n groeiende aantal gemeentes van beide kerke 'n stryd om voortbestaan voer. Eenwording van gemeentes op plaaslike vlak kan die oplossing bied vir die voortbestaan van die kerk in die betrokke gemeenskap. Hierdie besluit het ten doel om aan gemeentes van beide kerke die vryheid te gee om met mekaar oor samewerking en eenwording te onderhandel. *So 'n verenigde gemeente sou byvoorbeeld self kan besluit oor hoe en by watter kerkverband hy (voorlopig) inskakel en daarvoor aansoek doen*[34].

● 'n Verdere besluit van die vergadering van 1995 was dat ringe jaarliks via visitasie verslag sal ontvang van gemeentes oor die verloop van die gesprekke met die res van die NG-kerkfamilie, op plaaslike vlak, en dat die ringe dan ook op jaarlikse basis aan die Sinodale Kommissie hieroor rapporteer[35].

● In die verslag van die Sinodale Kommissie aan die Sinodevergadering van 1999 word vermeld dat, in antwoord op 'n skrywe van 'n bekommerde kerkraad, die voorsitter die kommissie se besluit aan die kerkraad gekommunikeer het : *Die kerk is één in sy wese - die vraag wat tans druk bespreek word is die vraag : Hoe lyk hierdie eenheid in die praktyk? Uit die terugvoer wat uit die ringe en gemeentes ontvang is is dit duidelik dat tans eerlik geworstel word met o a hierdie vraag*[36].

● Uit verslae voor die vergadering van 1999 is dit duidelik dat die Sinodale Kommissie in die reses (sedert die vergadering van 1995) groot erns gemaak het met die Sinodebesluit om die gesprek op gemeente- en ringsvlak te stimuleer. 'n Gespreksdokument re kerkvereniging en die Belharbelydenis, opgestel deur 'n ad hoc-kommissie bestaande uit die lede van die SSK en SKG, is tydens die ringsvergaderings van 1996 behandel, en deur die loop van 1997 ook deur die kerkrade[37]. Hierdie werkswyse - om oor die saak van kerkhereniging (en trouens alle ander kontensieuse sake) so wyd as moontlik te konsulteer, sou in die toekoms die wyse en gesonde manier van doen van die Oos-Kaapse sinodale gebied word.

● Die Sinode van 1999 neem ook kennis dat hy by wyse van afgevaardigdes uit sy SSK verteenwoordiging geniet op *The Church Unification Coordinating Committee for the Eastern Cape* (CUCC), 'n nie-amptelike struktuur tussen die kerke in die NG-familie in die Oos-Kaap[38].

● Tydens dieselfde vergadering word 'n dringende versoek van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland in behandeling geneem. Hiervolgens word die Oos-Kaapse Sinode genooi om saam met die Kaapse Sinode en die Kaaplandse Sinode van die VGK aan 'n konvent deel te neem om so die verenigingsproses tussen die kerke te probeer dien[39]. Op aanbeveling van 'n tydelike kommissie besluit die vergadering om 'n afvaardiging te stuur[40]. Die Sinode sou hierna by beide die konvente te Wellington (2002) en Brackenfell (2004) verteenwoordig word, en so ook deur sy moderatuurslede op die Uitvoerende Komitee van die Konvent vir Eenheid. Die toenemende sinodale betrokkenheid by die Konvent het die werksaamhede van die CUCC egter op die ys geplaas[41]. Gedurende 2006 sou die sinodale betrokkenheid na die Oos-Kaapse Konvent vir Eenheid verskuif[42].

● Tydens die vergadering van 2003 spreek die Sinode hom ten gunste van 'n streekskonvent tussen die kerke in die NG-familie in die Oos-Kaap uit[43]. Hierdie byeenkoms sou egter eers gedurende Maart 2007 te Cradock realiseer.

● Duideliker kon die Sinode van Oos-Kaapland sy begeerte rondom die aktuele saak van kerkhereniging nie uitspreek as wat hy in 'n eenparige besluit op Woensdag 22 Oktober 2003 geneem het nie[44]. Die hoofmomente daarvan (agv die gebrek aan ruimte in hierdie artikel) was die volgende :

● *Die Sinode bevestig die NG Kerk se verbintenis aan die kerkherenigingsproses met al die kerke van die NG-Familie, asook sy dringende wens dat hierdie hereniging so spoedig as moontlik sal plaasvind*

● *Die Sinode laat hom in sy besluite oor die kerkherenigingsproses lei deur die volgende oortuigings:*

● *- ons glo dat die hereniging van die Familie van NG Kerke noodsaaklik is omdat die Woord van die Here baie duidelik praat oor die belangrikheid van die eenheid van sy kerk*

● *ons glo dat die liefde wat ons as gelowiges in Christus vir mekaar koester, ons dring tot kerkhereniging*

● *ons glo van harte dat kerkhereniging ons ook gaan help om die roeping wat ons as kerke in Suider-Afrika het, beter te verstaan en uit te leef*

● *ons glo dat die proses van kerkhereniging ons*

[34] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1995) p303, p411

[35] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1995) p334

[36] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1999) p34

[37] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1999) p21, p42ev

[38] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1999) p29

[39] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1999) p313ev

[40] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (1999) p402

[41] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (2003) p30

[42] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (2003) p22

[43] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (2003) p44

[44] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (2003) p205-206

ook die geleentheid bied om 'n getuienis te lewer oor die vergewende, helende en vernuwende krag van die evangelie van Christus

● *Die Sinode erken dat die VGK die belydenis van Belhar inbring in die kerkherenigingsproses en ons aanvaar dat die Belydenis van Belhar om daardie rede deel van die kerkherenigingsproses is*

● *die Sinode aanvaar dat daar voorsiening moet wees dat die Belydenis van Belhar opgeneem word in die belydenisgrondslag van die nuwe kerk op 'n wyse wat die eenheidsproses op 'n positiewe manier sal dien*

● *dit kan waarskynlik ten beste gedoen word deur 'n meer uitgebreide kerkorde-artikel oor die belydenisgrondslag van die nuwe kerk te skryf, waarin met vyf konsentriese kringe gewerk word: die eerste kring handel oor die Bybel, die basis van ons geloof en die finale toets vir alle belydenisskrifte; in die tweede kring is die ekumeniese belydenisskrifte wat ons met alle Christelike kerke deel; in die derde kring is die Drie Formuliere van Eenheid wat ons verbind aan die Reformasie; die vierde kring is eietydse belydenisskrifte wat die onderskeie kerke met hul saambring op die nuwe pad van eenheid; die vyfde kring is ander dokumente wat die kerke ook in 'n breër belydenisgrondslag opgeneem wil hê; in hierdie vierde en vyfde kringe word ruimte gelaat dat, hoewel lidmate van die nuwe kerk die Bybelse basis van die geskrifte aanvaar, nie almal hulleself op dieselfde wyse aan die belydenisaard daarvan gebonde voel nie*

● Wat die eenheidstruktuur betref, word die gewone presbiteriale struktuur van 'n gesamentlike algemene Sinode, gesamentlike Streeksinodes en gesamentlike ringe gevolg

● ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel, met die onderneming dat gemeentes nie van buite af in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente - in die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes

● die moontlikheid word ook oopgelaat vir 'n groep gemeentes wat besondere belange deel om 'n eie buitengewone verbandsvergadering (ring of Sinode) byeen te bring wat kan rapporteer aan die breër verbandsvergaderings - hierdie spesiale groeperings vervang egter nie die gemeentes se inskakeling by die gewone ringe, Sinodes en die Algemene Sinode nie

● Omdat die Sinode al die gemeentes in die ressort op die pad na kerkhereniging wil saamneem verbind hy hom aan 'n proses van oop gesprek, kommunikasie en raadpleging met die gemeentes.

● Na afloop van die vergadering van die Algemene Sinode van 2004 is op versoek van die Algemene Sinode besluit om die 15 besluite re kerkhereniging na die gemeentes en ringe te neem vir evaluering en terugvoer aan die moderamen van die Algemene Sinode. Dit is op ringsbasis in al die gemeentes en ringsvergaderings gedoen in die loop van die tweede helfte van 2005. Ook tydens die Buitengewone Sinode van 2005 is om ronde tafels hieroor gesprek gevoer. Die volgende response is tydens die vergadering verkry : 61,5% van die aanwesiges het geoordeel dat die besluite rondom die Belharbelydenis goed was; 92,3% het geoordeel dat 'n verenigde kerkverband van selfstandige plaaslike gemeentes goed is; 100% was gelukkig met die besluit dat gemeentes die reg behou om oor hul eie werksaamhede te besluit; 88,4% het saamgestem dat praktiese sake onderhandel moet word; en 65,4% was van oordeel dat die besluit oor parallelle Sinodevorming goed was[45].

● 'n Lankgekoesterde ideaal realiseer op 2-3 Maart 2007 wanneer verteenwoordigers uit die onderskeie ringskommissies van die NG Kerk, VGK en RCA in die Oos-Kaap te Cradock in 'n konvent saamkom. By hierdie historiese byeenkoms word die leierskap van die drie kerke versoek om dringend aandag te gee aan die herstrukturering van ringsgrense en die indeel van gesamentlike ringe. Die uitkoms van hierdie ondersoek moet aan gemeentes en ringe voorgelê word vir kommentaar[46]. Ook moet die buitelyne van 'n konsep-kerkorde aandag kry[47]. Daar was bykans onmiddellik vrug op hierdie byeenkoms : Die Sinodale Kommissie neem kennis dat 'n mini-konvent tussen die familiekerke in die Ring van Dordrecht gehou is, dat 'n gesamentlike byeenkoms in die Ring van Oos-Londen plaasgevind het, terwyl die VGK-ring te Port Elizabeth die drie NG-ringe tot gesprek genooi het[48].

● Die Sinodale Kommissie besluit om die besluite van die Algemene Sinode van 2007 re kerkhereniging tydens padberade gedurende Augustus 2007 aan die leraars en gemeenteleiers te kommunikeer. Die moderatuurslede word daarmee getaak, en die doel daarvan is om leraars te help om hul gemeentes oor kerkhereniging te konsulteer[49].

---

[45] Handelinge Sinode Oos-Kaapland (2005) (buitengewoon) p40

[46] Sakelys Sinodale Kommissie Oos-Kaapland (19.04.2007) : Bylaag K : Notule O-K Konvent vir Eenheid

[47] Notule Ontwerpspan / Ad Hoc-Moderatuursvergadering Sinode Oos-Kaapland (31.07.2007) p1

[48] Notule Sinodale Kommissie Oos-Kaapland (19.04.2007) p5

[49] Notule Dagbestuur Sinodale Kommissie Oos-Kaapland

● Ook onderneem die Sinodale Kommissie om alles in die werk te stel om die Oos-Kaapse ringe van die NG Kerk in Afrika - wat tot op datum buite die Oos-Kaapse herenigingsgesprek gestaan het, by die toekomstige gesprekke en onderhandelinge te betrek. Pogings is al vir 'n geruime tyd lank aangewend, maar sonder sukses. Die vergadering onderneem om hom met nuwe energie en oorgawe hieraan te wy[50].

18.17 Vier samevattende opmerkings :

● Uit die voorafgaande blyk duidelik dat die Oos-Kaapse Kerk steeds met groot erns poog om dít wat 150 jaar gelede verkeerd geloop het, met omsigtigheid maar ook met durf, weer goed te maak.

● Dit blyk uit sy besluite en aksies dat die wil van die Here in hierdie saak vir die Sinode baie duidelik is.

● Sy lojale, dog nie onkritiese ondersteuning van die Algemene Sinodale besluite, stempel sy handelinge.

● Ook die Sinode en sy leierskap se erns om sedert Sinodestigting sy besluite deeglik na kerkrade en gemeentelede te kommunikeer en ook gemeentes deel te laat neem aan hierdie uiters belangrike maar ook sensitiewe gesprek, val baie duidelik op.

Ook hierdie hoofstuk in die verhaal van die Oos-Kaapse NG Kerk lees lekker, en mag die Here ook hieraan 'n baie gelukkige einde gee!

Mag die Koning van die Kerk deur sy Woord en Gees ons verder in sy wil begelei, en mag Hy in en deur alles verheerlik word!

Die Sinode bring hierdie verslag onder die aandag van kerkrade.

A4 VISIONÊRE LEIERSKAP: 'N PUBLIEKE KERK

13. MISDAAD EN GEWELD

13.1 Kerklike Verklarings

13.1.1 Die Familie van NG Kerke het in Mei 2006 'n sterk-bewoorde verklaring oor misdaad en geweld uitgereik (Agenda Deel 1 AS 2007 bl 100).

13.1.2 Na afloop van 'n ekumeniese konsultasie van kerkleiers is op 13 Oktober 2006 eweseer 'n sterk bewoorde verklaring oor geweld en misdaad uitgereik (Agenda Deel 1 AS 2007 bl 101).

13.1.3 In opvolging hiervan het die Algemene Sinode in Junie 2007 die volgende besluite geneem (Besluiteregister AS 2007 pt 19.3):

1. Die Algemene Sinode
1.1 is saam met die res van die gemeenskap intens bekommerd oor die hoë vlakke van misdaad wat tans in Suid-Afrika voorkom en die geweld wat daarmee gepaard gaan;
1.2 spreek sy diepe meelewing uit met die slagoffers van geweld;
1.3 verbind hom daartoe om alles in sy vermoë te doen om by te dra tot genesing van die samelewing.

2 Die Algemene Sinode
2.1 erken dat insidente van misdaad baie emosies by lidmate, en veral by slagoffers van misdaad ontlok wat dit moeilik kan maak om gebalanseerde perspektief te behou, maar versoek hulle nietemin om in elke situasie steeds verantwoordelik op te tree;
2.2 pleit by lidmate om as resultaat van hulle Christelike dankbaarheidslewe tot in die kleinste aan die Here se wil en wet getrou te bly;
2.3 herinner lidmate daaraan dat niemand 'n vinger na ander kan wys as sy/haar persoonlike integriteit en optrede nie onbesproke is nie;
2.4 pleit by lidmate om moeite te doen om aan gesonde huweliks-, gesins- en ander samelewingsverhoudings te bou;
2.5 pleit by lidmate om na mekaar se welstand om te sien, onder meer deur by gemeenskapsinisiatiewe betrokke te raak.

3. Die Algemene Sinode
3.1 bely dat dit binne die Here se wil is dat die wêreld deur middel van die wette en regerings geregeer moet word sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop en dat Hy vir dié doel aan die owerheid die swaard in die hand gegee het om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm;
3.2 pleit gevolglik by die regering om die land en sy mense in hierdie opsig nie in die steek te laat nie;
3.3 verseker die regering van sy samewerking, binne sy vermoë, by enige aksie wat tot genesing van die land kan lei.

4 Die Algemene Sinode
4.1 besluit om hierdie verslag as vertrekpunt vir verdere navorsing en besinning oor die onderwerp van misdaad en geweld te gebruik;
4.2 gee opdrag aan die Moderamen om 'n taakgroep vir dié doel aan te wys wat aan die Moderamen rapporteer. Die taakgroep moet in noue oorleg met Sinodes werk.
4.3 Die taakgroep moet ter wille van die effektiewe uitvoering van sy opdrag ook die samewerking van relevante instansies in die gemeenskap soek.

(26.07.2007) p2

[50] Notule Dagbestuur Sinodale Kommissie Oos-Kaapland (26.07.2007) p2

13.2.1 Die Sinode bring die Algemene Sinode se besluit onder die aandag van kerkrade.
13.2.2 Die Sinode verseker die owerheid, en die SAPD in besonder, van ons voorbidding.

14.2 Besluite oor grondhervorming

Die Algemene Sinode besluit as volg (Besluiteregister 2007 pt 20.1)

1. Die Algemene Sinode herbevestig sy beginselstandpunt ten gunste van grondhervorming (2002), met voorbehoud dat die praktiese toepassing van die proses billik en ordelik en met die minste ontwrigting van kommersiële landbou sal verloop.

2. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die landbousektor en spesifiek die boeregemeenskap vir die belangrike bydrae as werk-, voedsel- en behuisingverskaffer, en as stabiliseerder van landelike gemeenskappe.

3. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van suksesvolle bemagtigingsprojekte in die landbou, maar spreek sy kommer uit oor talle voorbeelde waar die oordrag van produktiewe landbougrond tot boerdery-mislukkings en die verlies van werkgeleenthede lei.

4. Die Algemene Sinode doen ’n beroep op die regering en die Departement Landbou en Grondsake dat die afhandeling van die uitstaande grondeise billik en deursigtig sal verloop, en dat die vestiging van landbou- en bestuursvaardighede ’n integrale deel van die oordrag van produktiewe landbougrond sal wees. Die Sinode doen ook ’n beroep op alle rolspelers om by nuweboer-vestiging maksimaal gebruik te maak van vennoot- en mentorskappe met die oog op die oordrag van kundigheid.

5. Die Algemene Sinode doen ’n beroep op die regering om alles moontlik te doen om die veiligheidsituasie in landelike gebiede te verbeter ten einde die omvang van misdaad, plaasaanvalle en -moorde te bekamp en ’n gunstige boerderyomgewing te verseker.

6. Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vol te hou met die bediening van versoening, en om waar moontlik ’n bemiddelende rol te speel tussen mense en gemeenskappe met die oog op wedersydse aanvaarding, respek en goedgesindheid.

7. Die Algemene Sinode besluit om spesifiek voorbidding te doen vir lidmate wat swaarkry as gevolg van die veiligheidsituasie op plase en die effek van grondeise, en doen ’n beroep op gemeentes om hierdie lidmate pastoraal te ondersteun.

8. Die Algemene Sinode kontinueer die opdrag aan die Taakspan: Grond- en Landelike Hervorming, met die versoek dat hierin met ander kerke en ekumeniese liggame saamgewerk word.

Die Sinode bring die besluite van die Algemene Sinode oor grondhervorming onder die aandag van kerkrade, die formele landbousektor en die regering in die Oos-Kaap.

Die Sinode verseker die boerderygemeenskap en die Oos-Kaapse regering van sy voortgesette voorbidding, en roep gemeentes op om deurlopend en publiek voorbidding vir die hele boerderygemeenskap en regering te doen.

Die Oos-Kaap Sinode moedig graag alle gemeentelede wat op een of ander wyse by plaaslike grondhervorming betrokke is, tot praktiese skakeling en onderlinge hulp aan asook om kennis te neem van mekaar se situasie en tegemoet te kom.

15. HOMOSEKSUALITEIT

BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE OOR HOMOSEKSUALITEIT

(Hierdie aanbevelings vervang alle aanbevelings vanaf 5.1 op bladsy 19 tot 5.13.2 op bladsy 21 van die Agenda Deel II)

Die Algemene Sinode besluit soos volg:

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.

2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.

3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.

4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as ’n huwelik beskou kan word.

5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste

veroordeel word.

6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as ’n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.

7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is ’n funksie van die Algemene Sinode. Die Sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat ’n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.

8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.

Met hierdie besluit verval alle aanbevelings van die Taakspan Homoseksualiteit.

INTERPRETASIE VAN DIE SINODALE BESLUIT OOR HOMOSEKSUALITEIT

Die Algemene Sinode verklaar dat die besluit van 8 punte insake homoseksualiteit as 'n eenheid aan die Algemene Sinode gestel is en dat hierdie besluit as 'n eenheid gelees en verstaan moet word.

Vir kennisname

A5: BEGELEIDING2. ARTIKEL 9

2.1 Die Algemene Sinode het Artikel 9 van die Kerkorde, waarin die amp of bediening van die bedienaar van die Woord omskryf word, ingrypend gewysig

2.2 Die **gewysigde Artikel 9** lees as volg (Besluiteregister AS 2007 pt 21.2):

ARTIKEL 9

9.1 Die fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en van die sakramente, sowel as die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld.

9.2 Die predikant is geroep om die Woord van God te bestudeer, onderrig daarin te gee en dit oral te verkondig; om die sakramente te bedien en om saam met en vir die gemeente te bid en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom / haar kan navolg.

9.3 Die amp van die predikant funksioneer binne ’n gemeente of as deel van dienswerk van die kerkverband in die wêreld.

9.4 In gemeentes aanvaar die predikant veral verantwoordelikheid vir die prediking en die bediening van die sakramente. Die predikant is, saam met die ander ampte, verantwoordelik vir:

- die diens van die gebede,
- eredienste,
- onderrig en toerusting,
- opbou van die gemeente,
- die gemeente se dienswerk in die wêreld,
- leiding en organisering van die gemeente,
- uitoefening van Christelike liefde en tug,
- pastorale versorging.

Kerkrade onderskei, saam met die predikant, oor die wyse waarop dié roeping en verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in ’n diensooreenkoms.

9.5 Die predikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlings oor wyses waarop die predikant deelneem aan die werk wat God in Christus deur sy Gees in die wêreld doen.

2.3 In die nuwe formulering word meer ruimte geskep vir deelname aan die kerk se dienswerk in die wêreld en ‘n gemeenskaplike verantwoordelikheid - saam met die ander ampte - vir leiding in gemeente. Kerkrade ontvang ook meer ruimte om te onderskei oor watter gawes ‘n leraar/s beskik, en die bediening daarvolgens in te rig.

Kerkrade se aandag word op die gewysigde Artikel 9 gevestig.

3. ARTIKEL 11

3.1 Die wysiging van Artikel 11 van die Kerkorde het veral in ons sinode implikasies vir die kontraktering van emeriti.

3.3 Die gewysigde Artikel 11 lees as volg (Besluiteregister AS 2007 pt 21.3):

ARTIKEL 11

11.1 Predikante kan die kerkdiens slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hul gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om ’n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die ATR verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.

11.2 Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hulle aanvaar, ’n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.

11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die ATR, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame bona fide[1] redes is om 'n ander betrekking[2] te aanvaar.

Besluit by Artikel 11

11b1 Dit staan kerkrade vry om predikante vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak te beroep in gevalle waar dit nie gaan om 'n permanente pos nie maar om die gemeente se bedienings-behoeftes..

***11b2** 'n Emeritus, ouer as 65 jaar maar jonger as 70 jaar, kan met die goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en 'n bepaalde taak beroep word.*

***11b3** Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die Ring/Ringskommissie wat die meriete daarvan moet oorweeg.*

***11b4** Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor hy/sy in die pos bevestig is.*

Die gewysigde Artikel 11 word onder kerkrade se aandag gebring.

4.1.4 Behoud van Bedieningsvaardigheid

4.1.4.1 Een van die belangrikste implikasies van die beleid vir predikante, gemeentes, ringe en die sinode is Hoofstuk 8 wat handel oor die behoud van wat "bedieningsvaardigheid" genoem word. Hier is die teks van Hoofstuk 8:

8. BEHOUD VAN BEDIENINGSVAARDIGHEID

8.1 ALGEMEEN

8.1.1 Voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO), teologiese en ander toepaslike opleiding is vir die behoud van bevoegdheid en bedienings-vaardigheid verpligtend en afdwingbaar[31].

8.1.2 Self- en onderlinge sorg is basiese waardes in die behoud van bedieningsvaardigheid.

8.1.3 Lewenslange leer en ontwikkeling is basiese voorwaardes vir lewens- en bedieningsvreugde.

8.2 ROL VAN DIE PREDIKANT

8.2.1 Die predikant is verantwoordelik vir selfsorg en samewerking met die kerkverband in belang van goeie voortgesette bedieningsontwikkeling en persoonsontwikkeling.

8.2.2 Met **selfsorg** word die hele spektrum van menswees bedoel en word predikante aangemoedig om aan die volgende sake aandag te gee:

8.2.2.1 geestelike welsyn
8.2.2.2 liggaamlike welsyn
8.2.2.3 psigiese welsyn
8.2.2.4 sosiale welsyn
8.2.2.5 materiële welsyn

8.2.3 Van elke leraar word verwag om in 'n mentorverhouding met 'n kollega te staan.

8.2.4 Van predikante aan die begin van hul bediening word vereis om vir ten minste twee jaar saam te werk met 'n mentor wat die program van die Algemene Sinode volg.

8.2.5 Selfstudie is deel van die persoonlike selfsorg in die lewe van 'n predikant.

8.3 ROL VAN DIE GEMEENTE

Die gemeente:

8.3.1 vereis van die predikant om aan voortgesette bedieningsgontwikkeling (VBO) en teologiese opleiding deel te neem.

8.3.2 stel die predikant in staat om aan VBO deel te neem deur daarvoor te begroot.

8.3.3 neem verantwoordelikheid om deel te neem aan die emosioneel-geestelike versorging van die predikant.

8.3.4 moedig die predikant (en veral in die geval van 'n beginnende predikant) aan om by die mentorprogram van die betrokke sinode in te skakel en begroot vir die uitgawes hieraan verbonde.

8.3.5 hou, saam met die ring, toesig oor die leer en lewenswandel van die predikant.

8.4 ROL VAN DIE RING

Die ring

8.4.1 tree motiverend, koördinerend en toesig-houdend op ten opsigte van Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO), die mentor-program en die implikasies daarvan vir die bedieningsbevoegdheid en bedienings-vaardigheid.

8.4.2 sorg dat die beleid/voorskrifte van die Algemene Sinode aangaande Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) en die mentor-program uitgevoer word.

8.4.3 hanteer opsig oor die bedieningsbevoegd-heid van die predikant volgens die *Kerkorde.*

8.5 ROL VAN DIE SINODE

Die sinode:

8.5.1 bied logistieke- en ander steun aan Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) en Voortgesette Teologiese Opleidingsinstansies en mentorprogramme.

8.5.2 help met die bepaling van behoeftes en die ontwikkeling van materiaal/kursusse binne die Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) -

program.

8.6 ROL VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die Algemene Sinode:

8.6.1 bepaal, saam met bestaande Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) en Voortgesette Teologiese Opleidingsinstansies (VTO) - instansies, die inhoude van voortgesette bedieninsontwikkeling;

8.6.2 reël die akkreditering van voortgesette bedieningsontwikkeling en voortgesette teologiese opleiding in belang van die behoud van vaardigheid en bevoegdheid;

8.6.3 bepaal die beleid rakende mentor-programme;

8.6.4 bepaal die aantal krediete (akademies en professioneel) wat predikante moet verwerf.

Die Sinode bring die vereistes van die A-Z Handleiding rondom Voortgesette Bedieningsvaardigheid onder kerkrade se aandag en versoek hul heelhartige samewerking.

6. SINODALE WERKSWINKELS

6.1 Oor die afgelope dekade tel sinodale werkswinkels sekerlik onder die mees geseënde ondernemings van die NG Kerk in Oos-Kaapland.

6.2 In die strategiese besinning van die SK blyk al hoe meer hoe 'n daadwerklike behoefte daar onder leraars aan geestelike gemeenskap en vorming bestaan.

6.3 Die noodsaak van voortgesette bedienings-ontwikkeling sluit ook die broodnodige komponent van saam-wees in. Die sinodale werkswinkels sal beide as VBO en as *communitas*-geleenthede 'n steeds belangriker item op ons sinodale agenda word.

Die Sinode versoek kerkrade om hul leraars na die jaarlikse sinodale werkswinkels te stuur, die toepaslike koste te dra, spesiale verlof daarvoor toe te ken en terugvoer oor die werkswinkels te ontvang.

9. KLEIN GEMEENTES

9.1 Die Algemene Sinode is sedert 2002 besig met nadenke oor klein gemeentes.

9.2 Hierdie gemeentes het ook oor die afgelope twee jaar die aandag van die Sinodale Kommissie geniet - vandaar die program om lidmate op te lei om bedieningshulp te verleen (sien die Verslag van die SK in hierdie sakelys).

9.3 Die volgende verslag het by die Algemene Sinode 2007 gedien (Deel 1 van die Agenda, bl 316vv):

KLEIN GEMEENTES

1. Opdrag

[AS 2002, BR 8.11; AS 2004, Deel II, p 106, § A.7: 4.2 en Deel IV, p 370, § A.7: 4.2]

AS 2002, BR 8.11: Die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om 'n studie te maak van die omstandighede, behoeftes en probleme in klein gemeentes en die Sinode met 'n verslag en aanbevelings te dien.

AS 2004, p 370: Die opdrag word herhaal.

2. 'n Noodkreet in ons midde

2.1 Volgens Kerkspieël 2004 is 27,4% (325) van alle gemeentes in die NG Kerk klein plattelandse gemeentes. In die VGK is die persentasie heel moontlik baie groter.

2.2 Hierdie gemeentes beleef dikwels dat hulle in die navorsing oor gemeentes en die breëre bedieninge van die kerk misgekyk word omdat hulle 'n minderheidsgroep binne die kerk is.

2.3 Ongelukkig is hierdie belewenis nie ver van die waarheid af nie. As gevolg van hulle kontekstuele situasie word hierdie klein gemeentes gekonfronteer met probleme en realiteite wat ryker en groter gemeentes skaars aan dink. Kwynende getalle, finansiële tekorte en groot afstande is besig om baie van hierdie gemeentes 'n krisisbestaan te laat voer.

2.4 Omdat die stryd om oorlewing vir baie van hierdie gemeentes die oorheersende saak op hulle agenda geword het, kan dit nie anders as dat baie van hulle in die proses disfunksionele gemeentes begin word nie. Deel hiervan is dat hierdie gemeentes 'n baie swak selfbeeld het, hulle roeping prysgegee het, hoop vir die toekoms verloor het en beleef dat die kerkverband nie regtig meer omgee wat van hulle word nie.

2.5 Vanuit die klein plattelandse gemeentes in ons kerk gaan daar 'n noodkreet uit na ons kerk. Die geloofwaardigheid van ons getuienis na buite, ons betrokkenheid by die breër Suider-Afrikaanse samelewing en ons poging tot kerkeenheid kom in die gedrang as ons die noodkreet in ons eie midde nie hoor en ernstig opneem nie.

3. Voorgestelde werkswyse en benadering

'n Omvattende en indringende navorsingsprojek moet so spoedig doenlik gelanseer word, waarin ten minste die volgende ses terreine prioriteitsaandag sal ontvang, naamlik:

3.1 'n Werklikheidsgetroue omskrywing van

die huidige stand van klein gemeentes in die NG Kerk

Omvattende empiriese en statistiese navorsing behoort gedoen te word om ’n volledige en betroubare prentjie van die gegewenhede van klein gemeentes in die NG Kerk te kry asook die problematiek daaraan verbonde, sodat nie op blote aannames en geprojekteerde afleidings gewerk word nie. Sodanige ondersoek behoort onder andere in te sluit:

1. Sosiale formasie.
2. Ekonomiese werklikhede.
3. Demografiese tendense en verskuiwings.
4. Teologiese identiteitsoeke (operasionele ekklesiologie van klein gemeentes).
5. Leierskapbelewenisse en -ervarings.
6. Selfverstaan en belewenis binne die kerkverband.

3.2 Ekklesiologiese vertrekpunte binne ’n gereformeerde raamwerk

In ’n taal wat vir lidmate verstaanbaar is, moet kort maar duidelike teologiese en ekklesiologiese vertrekpunte daar gestel word wat klein gemeentes kan help om hulle gemeentewees asook hulle roeping binne hulle eie konteks beter te verstaan. Die vertrekpunte moet ook kan dien as maatstawwe waaraan hulle hulleself kan meet en waarvolgens hulle hulle bediening kan inrig.

3.3 Identiteitsvormende dinamikas

Saam met die teologiese en ekklesiologiese vertrekpunte wat die klein gemeentes moet help om weer opnuut hulle eie identiteit as kerk van Christus te ontdek, moet hulle ook gehelp word met die ander dinamikas wat ’n rol speel in hulle eie identiteitsvorming. Dit sluit onder meer in:

1. Beïnvloedende waardesisteme en operasionele waardes.
2. Gewoontes, gedragspatrone en praktyke van geloofsgemeenskap.
3. Generasies.
4. Ras (Die demografiese veranderinge veroorsaak dat die getalle van klein gemeentes drasties afneem. Die blanke Afrikaners raak minder en die van ander bevolkingsgroepe neem toe. Met die nodige sensitiwiteit maar ook dringendheid sal daar ’n gesprek en besinning aan die gang gesit moet word sodat gemeentes anders kan begin dink oor ras en lidmaatskap.)

3.4 Kultuur

Elke gemeente ontwikkel met verloop van tyd ’n eie kultuur. Klein gemeentes moet gehelp word om hulle eie kultuur te verstaan en te weet wat die dinge is wat ’n rol gespeel het in hulle bestaande kultuur en hoe hulle ’n nuwe kultuur kan skep. Aandag moet onder andere gegee word aan:

1. leierskapspatrone.
2. assosiatiewe verbande.
3. gemeenskapsinteraksie en -invloede.
4. konflikpatrone.
5. die gemeente se eie geskiedenis/ tradisie, verhale en gebruike.
6. geestelike onderskeidings- en begeleidingsprosesse.

3.5 Prosesse / Bedieningsvoorstelle

In die lig en na aanleiding van bogenoemde vier terreine kan dan gewaag word om prosesse en bedieningsvoorstelle op die tafel te sit wat klein gemeentes op ’n konkrete wyse kan help met die unieke aard van hulle eie bedieninge en die uitleef van hulle roeping binne hulle eie konteks.

3.6 Verband

Die rol wat die verband kan speel om klein gemeentes te ondersteun, bemagtig en te begelei moet ondersoek en herbesin word. Indien nodig sal daar ook gekyk moet word na kerkordelike aanpassings.

4. Bronne

Die volgende bronne kan tot hulp wees as die vertrekpunt van so ’n navorsingsprojek vir die verstaan van die funksionering en bediening van klein gemeentes:

Burt, S.E, et al. *Raising small church esteem*.
Farris, L.W. *Dynamics of small town ministry*.
Hassinger, et al. *The rural Church – Learning from three decades of change*.
Pappas, A.G. *Entering the world of the small church.*
Robinson, A.B. *Transforming Congregational Culture.*
South African Christian Handbook.

9.4 In die lig van hierdie verslag het die Algemene Sinode die volgende besluit geneem:

Besluit: Klein Gemeentes:

Die Algemene Sinode beveel aan dat die saak van klein gemeentes verwys word na die ADGO en GDN om die nodige navorsing te doen en met behulp van sinodale gebiede waar baie klein gemeentes voorkom, te werk aan prosesse en bedieningsvoorstelle wat klein gemeentes op ’n konkrete wyse kan help. Die NG Kerk-familie moet so ver moontlik ook hierby betrek word.

9.5.1 Die Sinode bring die saak van klein gemeentes onder kerkrade se aandag en vra die samewerking van alle kerkrade ten opsigte van ondersoeke en navorsing wat gedoen mag word.
9.5.2 Die Sinode neem kennis dat die Direkteur Begeleiding via GDN betrokke is by

die ondersoek na klein gemeentes.
9.5.3 Die Sinode roep alle gemeentes op tot voorbidding vir die posisie en eiesoortige behoeftes van klein gemeentes. Die sinode is oortuig dat gemeentes nie moet fokus op oorlewing nie, maar hulself moet oopstel om te vra hoe God deur hulle na die gemeenskap wil uitreik om Sy genesing en herstel te bring.

10. AANTREKLIKE BEDIENINGSTYLE VAN ANDER KERKE

10.1 Die Algemene Sinode het in 2004 opdrag gee dat die feit dat lidmate die bedieningstyl van ander kerke aantreklik vind, ondersoek moet word.

10.2 Die **sleutel-aannames** van die verslag is die volgende:

- ***"Die hipotese waarmee ons werk, is dat as die NG Kerk sy identiteit in die Drie-enige God kan herontdek deur 'n proses van onderskeiding waarin daar erns gemaak word met die nood van mens en wêreld, die proses van reformasie onder roepingsgedrewe leierskap natuurlik sal volg."***

- ***"Jy sien in talle gevalle dat sekere gemeentes groei en ander kwyn en die migrasie uit die een na die ander gemeente het grotendeels met styl en leierskap(styl) te doen."***

10.3 Die **volledige teks** van die verslag is as volg:

AANTREKLIKE BEDIENINGSTYLE VAN ANDER KERKE

1. Opdrag en Werkswyse

[AS 2004, Deel II, p 103-104, § A.7: 2.3 en Deel IV, p 369, § A.7: 2.3.4]. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Diensgroep vir Gemeente-en-Bedieninge om ondersoek in te stel na die verskynsel wat in gemeenskappe voorkom dat lidmate van NG-gemeentes bedieningstyle in ander kerke aantreklik vind. Die volgende uitkomste moet verreken word:
(1) Die fenomenologie agter die verskynsel.
(2) Hoe moet gemeentes daarop reageer?
(3) Watter behoeftes van lidmate moet erken word?
(4) Wat kan die NG Kerk doen om self hierdie behoeftes aan te spreek?

Weens gebrek aan kapasiteit is prof Jurgens Hendriks van die Departement Praktiese Teologie aan die US gevra om `n kort verslag in die verband op te stel.

2. Inleiding

2.1 Die vraag word redelik oorsigtelik behandel met verwysing na sleutelbronne waar die saak in veel meer detail behandel word. In die Praktiese Teologie is dit een van die mees bekende verskynsels wat in detail bestudeer en beskryf is.

2.2 Kom ons sê die basiese probleem is dat die NG Kerk se gemeentes (en dit is waar van al die gevestigde denominasies) fisies ervaar dat hulle lidmate aan ander denominasies (in die geval is dit gewoonlik meer "moderne kerke" waar daar meer klem op ervaring is) afstaan of dat lidmate kerklos raak. Die ideaal of doelstelling is om die verskynsel te verstaan en om in terme van ons eie NG Kerk identiteit te reformeer dat bedieningstyle sodanig onder leiding van die Woord en Gees ontwikkel dat lidmate van alle ouderdomsgroepe in die gemeente en kerk 'n geloofs-leefruimte, 'n basis vir hulle roeping en bediening, bly ondervind.

2.3 Die hipotese waarmee ons werk, is dat as die NG Kerk sy *identiteit in die Drie-enige God kan herontdek* deur 'n proses van onderskeiding waarin daar erns gemaak word met die *nood van mens en wêreld*, die proses van reformasie onder roepingsgedrewe leierskap natuurlik sal volg.

3. Fenomenologiese gegewens

3.1 Navorsing wat die kwyn en groei-patrone van al die kerke in Suid-Afrika uiteensit is redelik volledig gedokumenteer en beskryf in die *South African Christian Handbook 2005-2006* se eerste sewe hoofstukke.

3.2 Die feit dat die NG Kerk en ander gevestigde kerke hulle markaandeel oor die laaste 20 jaar sistematies aan die verloor is en dat jonger kerke onder jonger leierskap die aandeel "oorneem" is 'n voldonge feit. By die Eenheid vir Godsdiens en Ontwikkelingsnavorsing is talle gevallestudies om dit ook op plaaslike vlak aan te toon. Daar was, byvoorbeeld, 'n analise van die NH Kerk wat aantoon hoe die kerk verklein en verouder. Deur eenvoudig na die ouderdomsverspreiding van lidmate te kyk, kan jy duidelik sien hoe die kerk 'n oumenskerk word. Mens kan ook individuele plaaslike situasies neem en statisties die kerklike migrasie prosesse aantoon.

3.3 Ons het, aan die ander kant, talle voorbeelde waar NG Kerk-gemeentes onder dinamiese leierskap skuiwe gemaak het in hulle bedieningspraktyk en -style met gepaardgaande groei. Die kwessie van die opheffing van gemeentegrense tussen NG Kerk-gemeentes, is die mees bekende illustrasie van die verskynsel. Jy sien in talle gevalle dat sekere gemeentes groei en ander kwyn en die migrasie uit die een na die ander gemeente het grotendeels met styl en leierskap(styl) te doen.

4. Die teologiese en prakties-teologiese verklaring

4.1 Die teologiese en prakties-teologiese verkla-

ring van die verskynsel, is algemeen bekend. Die werk van die *Gospel and Our Culture Network* (GOCN) werkgroepe in al die kontinente (dit is alles op die internet beskikbaar) dokumenteer die proses baie volledig.

4.2 Sien die epogmakende en hoogs aangeskrewe trilogie van die sosioloog Manuel Castells om die verskynsel wat die kerk in die vorm van bogenoemde vraagstelling formuleer, te verduidelik. [Die trilogie van Manuel Castells: Castells, M. 1996. *The rise of the Network Society: The information age: economy, society and culture, Volume I.* Oxford: Blackwell; Castells, M. 2003. *The power of identity. The information age: economy, society and culture, Volume II.* 2nd ed. Oxford: Blackwell; Castells, M. 2000. *End of Millennium. The information age: economy, society and culture, Volume III.* 2nd Ed. Oxford: Blackwell.]

4.3 Daar is konsensus dat ons wêreld tans deur 'n baie groot paradigmaverskuiwing beweeg. Wat die kerk betref is dit die grootste skuif sedert die koms van Christus. In Castells se terminologie beweeg ons uit die industrialisasie-era na die inligtings-era waarin die tegnologie en globalisasie die wêreld tot 'n "global village" verander het en waarin informasie in die vorm van die internet- en massakommunikasiemedia tot die grootste enkele kultuurverandering nog in die bestaan van die wêreld aanleiding gee. Mag (die Duitse Macht) het verskuif van fisiese mag na die mag van inligting (Macht to Mind) en die gevolg is dat die identiteit van mense en gemeenskappe verander. Dit het alles te doen met die vraagstelling op die tafel en kan in groter detail uiteengesit word waar en wanneer nodig. Dit hou, terloops, verband met die gay-debat wat tans in die NG Kerk woed.

5. Hoe die NG Kerk dit moet hanteer

5.1 Daar is geen bloudruk hiervoor nie. Wat wel seker is, is dat dit ons konfronteer met seker die mees opwindende en uitdagende periode van ons bestaan in Afrika. (Sien o.a die volgende bron oor die kerk en transformasieprosesse: Alan Roxburgh se boek: *Crossing the Bridge*. Percept. 2000.) Die belangrikste deel van die transformasieproses is egter nie om die verskynsel en prosesse te verstaan en om die leierskap te hê wat die prosesse kan begelei nie. *Die belangrikste aspek van die hele saak is om weer eens ons identiteit "in Christus" te ontdek*. Mens kan sê om die oer gereformeerde beginsels weer op te neem. Die vraag kan gevra word of ons binne die debat nie soms te veel na gereformeerdheid verwys nie? Dit mag ontaard in `n (institusionele) plussie by die evangelie, die strewe om met eie bagasie God se genade te soek. Dit is net as ons by ons nulpunt is van afhanklikheid van God, wat ons werklik ons roeping en God se leiding helder in geloofsgemeenskappe kan hoor.

5.2 Daar is reeds baie gemeentes in die NG Kerk op pad met God in hierdie nuwe wêreld. Dit is nie noodwendig 'n maanskyn en rose pad nie, want die pad word deur die kruis gekenmerk, maar dit maak 'n verskil in die lewens van mense.

10.4 Die Algemene Sinode het die volgende besluit oor hierdie verslag geneem Besluiteregister AS 2007 pt 11.1):

AANTREKLIKE BEDIENINGSTYLE

1 Die Algemene Sinode neem kennis van die dokument.

2 Die Algemene Sinode onderskryf die feit dat die hantering van komplekse verskynsels nie lê in die daarstel van bloudrukke en rigiede modelle nie, maar juis in die herontdekking van ons teologiese identiteit, asook volwasse en Geesvervulde leierskap wat met wysheid geseën is.

3 Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes te vra om daarteen te waak dat 'n verbruikersmentaliteit nie aanbiddingsstyle sal bepaal nie.

Die Sinode bring die verslag onder kerkrade se aandag met die aanbeveling dat gemeentes hul bedieningstyl waar nodig aanpas sodat lidmate daadwerklike mede-verantwoordelikheid kan neem om God en die mede-mens in nood van harte te dien.

11. LIDMAATBEMAGTIGING

11.1 'n Diepgewortelde konsensus groei wêreldwyd dat lidmate nie meer gesien moet word as 'n "gehoor" wat kyk en luister na bedienaars nie, of as ontvangers van bediening nie. Lidmate is in baie gevalle nie meer daar nie: hulle het verander van 'n gehoor / ontvangers na ***deelnemers*.**

11.2 ***Vir kerkleiers is die uitdaging om die bediening so te omvorm dat lidmate kan deelneem aan God se sending na die wêreld. Dit gaan nie meer net oor die kwaliteit van 'n paar ampsdraers se bediening aan lidmate nie, maar die belewenis van sinvolle deelname aan God se bediening as 'n lid / lede van sy gemeente.***

11.3 Teen hierdie agtergrond is die verslag oor Lidmaatbemagtiging wat voor die Algemene Sinode gedien het, van kritiese belang (Deel 1 Agenda AS 2007 bl 295vv) van uiterste belang:

LIDMAATBEMAGTIGING

1. Visie en missie

1.1 ADGO se Werkgroep vir Lidmaatbemagtiging is besiel met die visie (droom) dat al die lidmate van ons Kerk se volle potensiaal vir die Koninkryk van God ontsluit sal word. Daarom beskou ons dit as ons missie om gemeentes te voorsien van praktiese bedieningshulp wat lidmate sal help om hulle gawes te ontdek en hulle rol en plek in die gemeente te verstaan ten einde te groei na volwasse dissipelskap in God se Koninkryk.

1.2 Ons wil dus gemeentes aanmoedig om 'n passie te ontwikkel en uit te leef om gemeentelede te bemagtig om al hoe meer:

- God se verteenwoordigers in die alledaagse lewe te wees om daardeur die welstand van die gemeenskap te bevorder
- Eienaarskap vir die gemeente as hul bemagtigingsliggaam te aanvaar.

1.3 Ons is daarvan oortuig dat ons lidmate en hulle gawes eintlik die grootste skat (*resource*) is wat die Here aan sy Kerk geskenk het, maar dat hierdie skat nog grotendeels onbenut is. Die roeping van die Kerk in die tyd waarin ons lewe, noodsaak ons om baie dringend aan hierdie saak aandag te gee.

1.4 Lidmaatbemagtiging impliseer dan vir ons om lidmate

- bewus te maak van hulle roeping
- bewus te maak van hulle gawes en rol
- hulle plek te laat vind in die gemeente
- toe te rus vir hulle dienswerk
- in diens te stel en te ondersteun.

Ons bewusmakingstrategie sentreer om die slagspreuk: JY IS DIE VERSKIL!

2. Werksaamhede

2.1 ADGO se Werkgroep vir Lidmaatbemagtiging het in die afgelope termyn op verskillende maniere probeer om hierdie belangrike taak te volvoer.

2.2 Lede van die Werkgroep het gerigte navorsing gedoen. Die volgende stukke word as bylae aangeheg:
2.2.1 Lidmaatbemagtiging (Bylaag A).
2.2.2 Beginsels vir gawegeöriënteerde-bediening in die NG Kerk (Bylaag B).
2.2.3 Riglyne vir die Evaluering van Toerustingsmateriaal in die NG Kerk (Bylaag C).
2.2.4 Kerkordelike struikelblokke in die weg van Lidmaatbemagtiging (Bylaag D).

2.3 Tienduisend kopieë van die *OPE BRIEF AAN ELKE GEMEENTE VAN DIE NG KERK* is in professionele pamfletvorm na al die predikante van die Kerk uitgestuur om dit na goeddunke onder gemeenteleiers te versprei. Die terugvoering was buitengewoon positief! (Hierdie stuk is wesenlik 'n samevatting van Bylaag A).

2.4 Daar is 'n opname gemaak van die toerustingsmateriaal wat tans deur gemeentes van die NG Kerk gebruik word. Die behoefte aan materiaal is geweldig groot en die indruk is dat gemeentes na enige materiaal gryp omdat die NG Kerk oor min eie toerustingsmateriaal beskik. Die taakspan het besluit om nie die wiel weer te ontwerp nie, maar gemeentes te lei met riglyne oor die evaluering in die keuse van materiaal (Sien bylaag C). Die volgende materiaal word tans gebruik:

- Bybelkor-kursusse
- Getroue Getuies
- EE III
- Alpha
- Netwerk (Willow Creek)
- Forty Days of Purpose (Rick Warren)
- Celebrate Recovery (Saddleback)
- Natural Church Development
- Walk Through the Bible
- Gemeentevreugde
- Kingfisher
- SA Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes
- Beleef God (Henry Blackaby)
- Emerging Church (Rob Bell)
- Verantwoordelike Vernuwing
- Veritas College
- Amosprojek
- Nehemiaprojek
- Eie materiaal

2.5 Artikels oor Lidmaatbemagtiging het in Kruisgewys, Kerkbode en op die NG Kerk se webwerf verskyn.

2.6 Wat die toekoms betref, word voorsien om met behulp van Bybelmedia materiaal te voorsien wat oor spesifieke aspekte handel, soos die liggaamsmodel, dissipelskap, roeping, gawes, leierskap, geestelike groei ens. Publikasies of elektroniese hulpmiddels wat gemeentes in doelwitbeplanning en vernuwingstrategieë kan help, word in die vooruitsig gestel.

2.7 Daar word ook gewerk aan 'n DVD met suksesstories van gemeentes wat reeds goed gevorder het met lidmaatbemagtiging. Verder word sinodale werkswinkels oor Lidmaat-bemagtiging vir die toekoms beplan, of om dit saam met Verantwoordelike Vernuwing aan te bied.

BYLAAG A

WAT IS LIDMAATBEMAGTIGING?

1. Opdrag

Die missie van die Algemene Diensgroep vir

Gemeente-Ontwikkeling (ADGO) se Taakspan vir Lidmaatbemagtiging is om die kerk te ondersteun om lidmate tot hulle volle potensiaal te laat ontwikkel deur

- hulle bewus te maak van hulle gawes en rol
- hulle hul plek te laat vind in die gemeente
- hulle toe te rus vir hulle dienswerk
- hulle in diens te stel en te steun.

Volgens die Kerkbode van 13 Mei 2005 is dit: *Konkrete bedieningshulp wat lidmate sal help om hulle gawes te ontdek, hulle rol en plek in die gemeente te verstaan, en lidmate sal help begelei na volwasse dissipelskap,* en vervolg: *Ons is oortuig dat van die grootste skatte van die NG Kerk die lidmate self is. Hierdie onbenutte bron moet ontsluit word.*

Die groot vraag en uitdaging is dus hoe ‘n gemeente sy lidmate tot hulle volle potensiaal kan begelei sodat hulle optimaal aktief kan wees in liefdevolle dienswerk binne die Here se Kerk en Koninkryk.

Uit die staanspoor moet dit duidelik wees dat hierdie ‘n omvattende aangeleentheid is met baie verbandhoudende aspekte oftewel verskillende invalshoeke waarmee die saak benader kan word. Aan ‘n aantal van hulle wil ons hier kortliks aandag gee.

2. Die kerk as liggaam

Sedert die tagtigerjare is daar veral baie aandag gegee aan die Bybelse metafoor van die kerk as liggaam volgens 1 Korintiërs12 – vergelyk LM Heyns se proefskrif: *‘n Prakties-Teologiese ondersoek na die kerklike strukture van die NG Kerk* (1986). In reaksie op die eertydse groot klem op die gemeente as kudde wat versorg moes word, het die liggaamsgedagte nou so sterk op die voorgrond getree dat selfs gepraat is van ‘n liggaamsmodel wat in die gemeente gestalte moet vind.

Al sou daar kritiek kon wees teen die verabsolutering van ‘n nuwe Bybelse kerkmetafoor, het die hele debat ongetwyfeld ‘n groot rol gespeel om ‘n verskuiwing teweeg te bring in die bestaande kerkbegrip. Die geweldige rykdom van die liggaamsmetafoor het nuwe aksente van kerkwees op die voorgrond gebring.

Veral die aktiewe funksionering van die ledemate (lidmate) van die liggaam in hulle verskeidenheid met hulle verskillende gawes was nou feitlik gemeengoed.

Hierdie nuwe beklemtoning het ‘n sterk teologiese basis gelê vir die saak van lidmaatbemagtiging wat nou ter sprake is.

3. Bemagtigende leierskap

Die hele debat rondom die liggaamsmodel was deel van die gemeenteboubeweging wat die NG Kerk sedert die tagtigerjare sterk beïnvloed het. Naas Amerikaanse invloede, veral van die Church Growth Movement, het die Duitser Christian Schwarz bekendheid verwerf met die grootste empiriese navorsingsprojek (1994-1996) nog ooit na die faktore wat kerkgroei bevorder. Daarvoor het hy meer as 1000 uiteenlopende kerke in 32 lande op al die vastelande van die wêreld gaan ondersoek en bevind dat “empowering leadership” die nommer een kenmerk is van groeiende gemeentes:

Leaders of growing churches concentrate on empowering other Christians for ministry...they invert the pyramid of authority so that the leader assists Christians to attain the spiritual potential God has for them.

These pastors equip, suppport, motivate, and mentor individuals, enabling them to become all that God wants them to be. (Natural Church Development: 22).

Schwarz bevind ook dat van al agt kenmerke wat by alle groeiende gemeentes voorkom, die implementering van bemagtigende leierskap die vinnigste verskil maak in ‘n gemeente: Die rede?

In contrast to the other seven quality characteristics, which deal mostly with change processes that involve the whole church, this factor usually relates to a relatively small group of people (Implementation Guide: 47).

Volgens Arnold Smit in sy uitnemende boek oor leierskap (*Nuut gedink oor leierskap in gemeentes*: 99-100) dui energerende leierskap op die soort leierskap wat daarin slaag om ‘n gemeente in staat te stel om hulle Godgegewe visie in die gemeenskap waarin hulle leef, te vervul. Dit is ‘n styl van leierskap wat lidmate vrymaak tot ‘n verstaan van hulle eie waarde en rol in die vervulling van die gemeente se roeping. Dit maak hulle vry tot die ontdekking van die gawes wat hulle van die Gees ontvang het vir hulle verbintenis, toewyding en ondersteuning aan die saak van Christus.

Tereg beklemtoon Smit dat energerende leierskap eintlik ‘n pastorale aktiwiteit is (p.105) en dui onder meer op die volgende kenmerke van energerende leiers:

- Hulle sien en betrek lidmate as medewerkers/vennote in die bediening.
- Hulle raak ontslae van status- en magsimbole wat net afstand bring.
- Hulle skep ruimte vir lidmate om bediening uit te voer.
- Hulle plaas ‘n hoë premie op toerusting.
- Hulle leef oop en kwesbaar teenoor diegene wat hulle begelei.

Wat betref die aspek van energerende leierskap het meeste gemeentes van die NG Kerk waarskynlik nog ‘n ver pad om te gaan.

4. Nuwe reformasie

'n Aspek van lidmaatbemagtiging wat so belangrik is dat Greg Ogden dit selfs as *The New Reformation* beskryf, is die groot kloof tussen *clergy* en *laity* wat oorkom moet word. Hierdie kloof of afstand het ons steeds in die NG Kerk tussen predikante of leraars of dominees aan die een kant, en "gewone lidmate" aan die ander kant. Soms word na hierdie saak verwys as die onvoltooide agenda van die Reformasie.

In reaksie op die sakramentele verskansing van die priesters en die gevolglike onmondigheid van lidmate in die Roomse Kerk, het die Reformasie inderdaad 'n baie sterk saak uitgemaak vir die priesterskap van alle gelowiges. Maar hulle het ongelukkig nie daarin geslaag om dit tot sy volle konsekwensies deur te voer nie.

The Reformation never delivered on its promise of the Priesthood of All Believers; somehow, that doctrine never became operative (George Hunter, *Church for the Unchurched:* 121. Vgl. ook JCG Kotze: *The Divine Charge to the Christian in the Church*: 93).

Is daar in die lig van die Skrif vandag nog enige ruimte vir afgesonderde "priesters" naas die algemene priesterskap van alle gelowiges? Ogden se mening is die volgende: *Nowhere in the Bible can a priesthood within a priesthood be defended. The holy presence of Christ is in his whole body. Each one in whom Christ dwells is a channel through whom he mediates his presence* (79).

Daarom pleit hy baie beslis daarvoor dat daar van geen klasse-onderskeid tussen *clergy* en *laity* sprake mag wees nie. Trouens, die tradisionele rolle moet net mooi omgekeer word: *The laity become the troops in the front lines and the clergy, with the gathered church, help to support them. Until this revolution occurs, the Protestant concept of the priesthood of all believers remains vague and unrealized* (211).

In 'n baie goeie artikel oor *Involvement of the Laity* in: Meeting the Future verbind Brian Germond (soos Luther) die priesterskap van alle gelowiges aan die doop, en skryf as volg: *By virtue of our baptism we are called to share in God's ministry to the world, and the remainder of our life is spent in the living out of that vocation....everyone shares in ministry. The distinction between ordained and layministry then becomes simply one of function* (178).

In alle eerlikheid sou mens selfs nog meer radikaal moet dink en vra of lidmate met hulle gawes en bediening ooit heeltemal tot hulle reg kan kom solank daar iets soos voltydse predikante is wat opgelei en afgesonder is vir die bediening. Frank Viola is nogal die mening toegedaan dat dit nie haalbaar is nie: *The mere presence of clergy has the deadening effect of conditioning the congregation to be passive and perpetually dependent* (Vergelyk: *Rethinking Leadership in the Church*).

Hy haal dan ook iemand anders aan wat beweer: *It is hard to get people to occupy the ground of universal priesthood when we reserve the word* minister *for people with seminary degrees and parchment pape rordination certificates...*

Laat daar by ons egter geen twyfel wees nie: lidmate sal net bemagtig wees as die kerk werklik aan hulle "teruggegee" word. In *Transforming Congregations for the Future* stel Loren Mead dit as volg: *Clergy by themselves cannot and will not relinquish their power. There will be no change until the laity takes the lead. The church is too important to be left in the hands of the clergy* (97).

Dalk help dit om nader aan die praktyk te kom deur net een praktiese voorbeeld te noem. Waarvandaan haal predikante/amptelike priesters die reg vandaan om die bediening van sakramente vir hulleself te reserveer?! Waarom moet die Nagmaal uitsluitlik deur 'n predikant in 'n amptelike erediens ingestel en bedien word? Dit sou 'n wonderlike bemagtiging wees van gewone gemeenteleiers wanneer die Kerkraad hulle vrylaat om in kleingroepverband self die Nagmaal te bedien as uitdrukking van die intieme geloofsgemeenskap tussen dissipels van die Here Jesus.

Lidmaatbemagtiging roep om 'n herdefiniëring van die rol van die predikant naas die volwaardige funksionering van die priesterskap van alle gelowiges!

5. Toerusting van gelowiges

Onlosmaaklik verbonde aan die saak van lidmaatbemagtiging is die roeping en taak van die kerk om sy lidmate hiervoor toe te rus. So skryf Kirbyjon Caldwell in die voorwoord van Sue Mallory, The Equipping Church: *The church exists to equip people in order to release them back into the world, grounded in truth and community*.

Mallory beklemtoon dat lidmaattoerusting nie benader moet word as 'n bepaalde program binne die kerklike aktiwiteite nie. (Vergelyk die NG Kerk se vroeëre Lidmaattoerustingsprogram). Nee, *it is a way of doing and being the church* (21). Daarom dat sy dan ook 'n aantal kernwaardes formuleer wat aan die grondslag lê van 'n *equipping church.* Diensknegleierskap en die priesterskap van alle gelowiges is deel daarvan.

Greg Ogden gee 'n mooi beskrywing van die essensie van toerusting. Die Griekse woord hiervoor (katartizein) kom eintlik uit 'n mediese konteks. *When a limb was broken, doctors equipped their ailing patients by putting the fractured bone back into proper alignment. A limb pulled out of joint was equipped by being returned to its proper place so that it could be restored to*

its appropriate function (101). Presies dit is wat met die ledemate van die liggaam van Christus moet gebeur. Elkeen moet sy regmatige plek in die liggaam vind en daarvolgens funksioneer.

Vir baie dominees is dit waarskynlik besonder moeilik om die skuif te maak waarvoor hier gevra word. Sy bedieningsprioriteit sal moet verander: weg van die voortdurende versorging van die kudde (met hulle nimmereindigende verwagtings) na die noodsaaklike toerusting van gelowiges wat vra na behoorlike geestelike toerusting sodat hy sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede kan aanwend (Heidelbergse Kategismus: Sondag 21). Genoemde skuif kan vir ‘n predikant / pastor / dominee groot kritiek op die hals haal. Vanuit die tradisionele verwagtingspatroon word algou beweer dat die dominee nou sy werk op die lidmate wil afskuif! Daarom vra dit groot moed om hierdie rigting in te slaan.

Maar, vra Ogden: *Are we willing to experience short-term pain for long-term gain in ministry? The truth is, we cannot be equipping pastors and dependency pastors at the same time* (118).

6. Roepingsbesef

Lidmaatbemagtiging het ook alles te doen met die hernude klem op roeping wat in die jongste tyd nogal dikwels gehoor word. Die verbruikersmentaliteit wat so eie is aan ons westerse kultuur, het ‘n ongelooflike magsgreep verkry op die gees en gemoed van meeste lidmate. Daarom dat lidmate opnuut weer daaraan herinner moet word dat hulle as begenadigdes van God ook ‘n roeping van die Here ontvang het!

In sy jongste boek *Ontmoetings met die Lewende God* omskryf Coenie Burger roeping as volg: *Roeping is om te verstaan dat die Here jou ganse lewe aan jou gegee het as ‘n gawe en ‘n opdrag, en dat jy met alles wat jy doen, op hierdie gawe en roeping van die Here antwoord* (24). Die waarskynlikheid is groot dat slegs lidmate wat diep bewus is van die Here se aanspraak op hulle lewe, hulleself sal aanmeld vir aktiewe dienswerk in die Koninkryk van God.

In opvolging van sy “bestseller” *Seven Habits of highly Effective People* skryf Stephen Covey onlangs oor *The 8th Habit,* wat vir hom beteken: *Find your Voice and inspire others to find theirs.* Hierdie “voice” waarvan Covey praat, is eintlik niks anders nie as jou unieke, persoonlike roeping. Volgens hom vind jy dit waar jou persoonlike passie, talente, behoefte en jou gewete mekaar ontmoet. Dié vier werklikhede korreleer met jou hart, jou verstand, jou liggaam en jou gees, wat onderskeidelik jou emosionele intelligensie, jou verstandelike, jou liggaamlike en jou geestelike intelligensie huisves.

Lidmaatbemagtiging het inderdaad alles daarmee te doen dat lidmate gehelp word om hulle eie “voice” te herken, te besef dat hulle van die Here ‘n bepaalde roeping ontvang het, daardie roeping ontdek en dit met vrymoedigheid uitlewe.

7. Koninkryksperspektief

Misverstand waarteen tog maar voortdurend gewaak moet word, is dat lidmate net bemagtig word vir kerklike dienswerk. Dan gaan dit oor ‘n kerklike aanspraak op jou lewe in plaas daarvan dat jy vrygestel word vir dienswerk binne die ruimtes van die Koninkryk van God.

In *The Once and Future Church* waarsku Loren Mead juis teen hierdie gevaar: *Ministry outside the church is rarely recognized and never rewarded. Ministry inside is recognized and rewarded....Assignments to responsibilities in the congregation are generally made according to the congregation’s oragnizational needs, not the expertise of the lay person* (35).

Die kerk as liggaam van Jesus Christus het ‘n veel groter taak as om na sy eie welstand en voortbestaan om te sien! Die kerk is daar om die wêreld te transformeer en mee te werk aan die herstel van die oorspronklike harmonie met God. Daarvoor is niks minder as ‘n behoorlike inkarnasieteologie nodig nie. *An incarnational theology of ministry affirms that the Body of Christ is at work wherever its members are at work,* skryf Davida Crabtree tereg in *The Empowering Church* (33).

8. Lidmaatskap

As daar van lidmaatbemagtiging gepraat word, bring dit noodwendig die hele saak van kerklike lidmaatskap ter sprake. Hieroor bestaan daar tans wyd uiteenlopende menings.

Vanuit die benadering van ‘n gasvrye geloofsgemeenskap word gevra vir ‘n vryer ingesteldheid waar verwagtings nie so hoog aangeslaan word nie. *Membership in the Christian church has been watered down to a lowest common denominator of least offense,* skryf Crabtree (*The Empowering Church*: 43). Tog sou mens kon vra hoeveel mense werklik gelukkig is om deel te wees van ‘n kerk/gemeente waar lidmaatskap eintlik geen betekenis het nie.

Daarom deel ek nogal Crabtree se oortuiging dat lidmaatskap weer met sinvolle inhoud gevul moet word. Dit beteken egter dat lidmaatskap glad nie as persoonlike “status” gesien word nie, maar juis as deel van die lidmaatbemagtigingsproses wat behels dat nuwelinge hartlik verwelkom word in die gemeente, die Here waarlik leer ken, betrokke raak en toegerus word tot diensbaarheid in die Koninkryk.

9. Strategie

Uiteindelik moet natuurlik gevra word na die regte

strategie om die groot saak van lidmaatbemagtiging tuis te bring by elke predikant en gemeente van die NG Kerk in Suid-Afrika. Dit is geen eenvoudige saak nie.

Verseker het elke gemeente van ons Kerk 'n unieke konteks waarbinne sy lidmate geroep is om diensbaar te wees in die Koninkryk. Aan die ander kant is meeste van ons lidmate tot 'n groot mate al deel van die "global village" sodat dit nie heeltemal onvanpas is om elders te gaan kers opsteek nie. Bekende modelle wat in hierdie opsig die aandag trek, is Moreletapark in Pretoria, Willow Creek (Chicago) en Saddleback Valley Community Church (Los Angeles).

Die uitgangspunt van Saddleback kan sondermeer op elke gemeente van die NG Kerk oorgedra word. George Hunter beskryf dit as volg:

Saddleback's emphasis on lay ministry is the single greatest key to the church's success. Rick Warren explains that, for their church, the people are the ministers, and the pastors are the administers. The staff make most of the necessary administrative decisions, thus freeing the laity from the consuming involvements in committee work, voting, governance, and maintenance that immobilize, divide, and exhaust most congregations. This frees the people's time and energy for ministry and outreach in the community (Church for the Unchurched:129).

Selfs in die kleinste gemeente moet die voltydse of deeltydse predikant ophou om hom/haarself te sien as die enigste geroepene om die bediening van die gemeente uit te voer. Nie net is dit 'n onmoontlike taak nie, maar in stryd met die duidelike bedoelinge van die Here vir sy gemeente.

By wyse van 'n bemagtigende leierskapstyl waardeur gelowiges toegerus word om met vrymoedigheid hulle roeping in Kerk en Koninkryk uit te leef, moet geestelike leiers (predikante) bid en werk vir 'n Nuwe Reformasie wat die NG Kerk baie dringend nodig het!

11.4 Dit is die moeite werd om die hele verslag in die Agenda van die Algemene Sinode na te lees. Daar is ook gedeeltes wat handel oor:
- Beginsels vir gawe-georiënteerde bediening in die NG Kerk;
- Riglyne vir die evaluering / akkreditering van toerustingsmateriaal in gemeentes;
- Die Kerkorde wat die reformatoriese herontdekking van die lidmaat moet weerspieël

11.5.2 Die Sinode bring die verslag onder die aandag van kerkrade en versoek gemeentes om indringend aandag te gee aan die bemagtiging van lidmate tot bediening.

F3 : EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE SAKE

2. VOORSTEL RAKENDE MISDAAD

2.1 'n Konsep-voorstel rakende misdaad is aan die Kommissie voorgelê. Dit word aanbeveel dat die voorstel met een geringe wysiging as volg goedgekeur word:

Die Sinode versoek gemeentes om deurlopend voorbidding te doen met die oog op die land se misdaadsituasie, waarby spesiaal gebid sal word vir die misdadigers, die slagoffers van misdaad en al die veiligheidsdienste.

VOORSTEL 6
Die naam van die Tien Rand Fonds word gewysig na Kollekte vir Gemeentebystand.

Gemeentes word versoek om jaarliks moeite te doen om bydraes in te samel vir gemeentes wat in die sinodale gebied swaarkry.

1.4 Die Botes-formule

1.6.5.1 Die Botes-formule word afgeskaf as metode vir die berekening van sinodale dankoffers.

1.6.5.2 Sinodale dankoffers word voortaan jaarliks van alle gemeentes gevorder teen 'n persentasie van hulle jaarlikse bruto (totale) inkomste, minus hulle jaarlikse verlies indien van toepassing, van die voorafgaande finansiële jaar soos per hulle ge-ouditeerde state.

1.6.5.3 Hierdie dankoffers word soos volg aangewend:
1.6.5.3.1 36% vir die befondsing van projekte in breër kerkverband; en
1.6.5.3.2 64% vir die befondsing van ringsprojekte.

1.6.5.4 Die Sinodale Kerkkantoor bereken die sinodale dankoffers en adviseer gemeentes sodra elkeen se ge-ouditeerde state vir die vorige jaar ontvang is (kerkrade kan hierdie berekening byvoorbaat maak en kontroleer).

1.6.5.6 Ringe monitor die mate waartoe gemeentes van jaar tot jaar sinodale dankoffers betaal en hoe gemeentes mekaar onderling sou kon help om sodanige betaling by te bring.

1.6.5.7 Indien 'n gemeente nie die volle sinodale dankoffer kan betaal nie, word dit vroegtydig (jaarliks voor of op 31 Augustus) met die betrokke ringskommissie onderhandel met advies aan die sinodale kerkkantoor. Dit val saam met ringe se monitering van hulp-

behoewende gemeentes en hulle aansoeke om hulp (aan die hand van die Reglement van die Sinodale Hulpfonds) uit ringsprojekte en die sogenaamde "R10-fonds".

6. WYSIGING KERKORDE ARTIKEL 3

6.1 Die Algemene Sinode het KO Art 3 gewysig om voorsiening te maak vir groter aksent op dienswerk as deelname aan God se sending in die wêreld, asook vir die priesterskap (roeping) van elke lidmaat om deel te neem aan God se missie (Besluiteregister AS 2007 pt 11.3).

6.2 Die gewysigde Artikel 3 lui as volg:

ARTIKEL 3
3.1 Dienswerk is deelname aan die werk wat God die Vader in Christus deur sy Gees in die wêreld doen om Sy koninkryk te vestig.
3.2 Elke lidmaat is deur God tot diens in die gemeente en wêreld geroep.
3.3 Lidmate kan afgesonder word om op 'n besondere wyse in een of meer van die gemeente se bedieninge diensbaar te wees.
3.4 Die volgende ampte word onderskei om amptelik leiding te neem:
Dié van lerende ouderling of bedienaar van die Woord
Dié van regerende ouderling
Dié van diaken
3.5 Die ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei.

Vir kennisname

VOORSTEL 10

Die Sinode dank God-Drie-Enig vir alle NG lidmate en ander wat ter wille van Christus, Sy Kerk en Koninkryk, aktief die liefde en eenheid oor grense heen bevorder en uitleef.

Vir kennisname

Ds Wicus Wait
Tydelike Kommissie Verslag aan Kerkrade